# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXII Nr 10 PRYS 10c

VRYDAG, 11 AUGUSTUS, 1978



CARNEGIE-BIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
CARNEGIE LIBRARY
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH


# *Lammie wil skrywers lamlê*

HEFTIGE reaksie het gevolg op oud-regter Lammie Snyman se voordrag by die N.P. van Wyk Louw-gedenklesing oor die vervreemding tussen Afrikaanse skrywers en die gemeenskap.

Regter Snyman sien die botsing as 'n proses tussen die kerk en gemeenskap aan die een kant, en die letterkundiges aan die ander kant. Om hierdie vervreemding te oorbrug, is daar 'n beraadslaging nodig tussen die gemeenskap en die skrywers, waar die probleem lê. Om 'n konserwatiewe kerkvaste gemeenskap te laat afsien van sy norme en sedes is 'n moeilike taak, al is dit verkeerd of verouderd.

Volgens regter Snyman was die vroeë skrywers en die kerk bymekaar aangepas. M.a.w. hulle was dit eens met die Christelike beginsels van die breë bevolkingsmassa.

Met verwysing na N.P. van Wyk Louw het hy daarop gewys dat hy die jonger skrywers aangemoedig het tot kritiese denke en 'n wegbreek van die vroeëre eng en propagandistiese houdings. Ware letterkunde is dus die losmaak van die tydelike. **Hulle het wyer geskryf oor wat hulle gevoel het, alhoewel hulle hulle nie skuldig gemaak het aan die gebruik van ernstige krutaal en ope deur-sekstonele nie.**

Hierdie neiging na die kru-taal en sekstonele het van oorsee oorgewaai. Soos in Europese lande was daar ook teenkanting, maar nou vier die gebruik van krutaal, die beskrywing van geslagsverhoudinge, geweld en losbandigheid hoogty. Ons skrywers het dus die Europese skryfstyl aangeneem en is selfs by die matige skrywers sigbaar.

PEILING

Regter Snyman voel dat die breë leserspubliek 'n sê het in die manier waarop hulle taal aangewend word, en aangesien die kerk een van die mees ingeligte bronne is by die *peiling* van openbare sedes, hulle ook hier betrek moet word.


Daar is wel hoop vir versoening, maar dan moet die skrywer aanvaar dat "betrokke" skrywe, die weergawe van die bose om die bose ontwil, die opstelling van mens bo God, die beheptheid met die seksuele en die obsene, die onverantwoordelike gebruik van vuil taal en die moedswillige uittarting van die leser op sedelike gebied 'n werk of letterkundige stuk verdoem.

MENINGS

Drie "letterkundige" studente, Marlene van Niekerk, Willie van der Merwe en Pine Pienaar, wat die lesing bygewoon het, het hulle as volg oor die lesing uitgespreek:

**Marlene van Niekerk:** "Die SR, of welke ander instansie dan ook, wat verantwoordelik was, moet geluk gewens word met 'n haas onewenaarbare gebrek aan sin vir situasie deur regter Lammie Snyman te nooi om 'n N.P. van Wyk Louw Gedenklesing op ons kampus te kom hou. Hier is genoeg studenteorganisasies wat in hul verklaarde verligtheid die "lammie-mens" en die "lammie-denke" aan die studentemassa kan voorstel, want dit is, soos vaal afval, sekerlik nie iets wat 'n mens kan ignoreer nie. Maar van 'n N.P. van Wyk Louw Gedenklesing verwag 'n mens akademiese integriteit, sielsverkwikkende insigte en aansteeklike entoesiasme vir die "saak" waarvoor Van Wyk Louw staan. Dit alles het klaaglik ontbreek. Die kleinsieligheid wat kwytgeraak is, is benede verdere kommentaar. Dit is die groot digter self wat al hoe meer elegies klink: 'O wye en droewe land . . .'."

**Willie van der Merwe:** "Dis vir my baie moeilik om 'n definitiewe standpunt in te neem oor die voorlesing as sodanig. Ek sit met 'n warboel van indrukke en gemengde gevoelens. Die soort waarmee mens sit wanneer iemand in sy poging om jou van sy saak te oortuig, net slaag om jou simpatie vir sy onvermoë te wen. **In dagblaaie is alreeds sinvoller kommentaar as waartoe ek bevoeg is, oor die inhoud van die voorlesing gelewer.** Verdere kommentaar op die geleentheid as sodanig, raak die optrede van die gehoor in die algemeen. Myns insiens hoort hoorbare onderlangse gebrom en steurende tussenwerpsels nie by so 'n prestige-geleentheid nie. (Hier was die optrede van ons eie Marlene van Niekerk ongelukkig te veel dié van die rééds "established intellectual poet" en vir selfs dié wat haar oortuiging gedeel het, oor-emosioneel en irriterend.)"



OUD-REGTER SNYMAN

**Pine Pienaar** (nie primarius Pieke): "Oud-regter Snyman se stelling dat '. . . die kerk . . . tog een van die mees ingeligte bronne by die peiling van openbare sedes (is)', is gruwelik naïef. As die gemeenskap hom nog vandag aan die kerk steur, dan is dit om 'n maskertjie vir die kerk te maak waaragter sy eksistensiële lewe skuil. Dit lyk of die regter die letterkunde uit Suid-Afrika van vandag wil haal en ons in kloostersbestaan wil laat terugkom. Die Kuns is heilig en boos, want die kuns is binne-in die wêreld, al loop hy nie altyd in die wêreld dood nie."

# *Koop tog!*



*Benewens die LSS is daar seker geen ander oase op die kampus wat meer aftrek kry as die vrugtestalletjie langs die Kunsgebou nie. Toestande speel vanjaar saam, want die weer het die eienaar nog net 'n paar keer na sy sambreel laat gryp.*

# PEILING WYS OP POLITIEKE ONKUNDE

GEDURENDE April 1978 het die Dept. Staatsleer 'n omvattende meningsopname onder voltydse studente onderneem om vas te stel wat die heersende gevoel m.b.t. allerlei politieke vraagstukke op die kampus was. 'n Totaal van 975 studente is met behulp van die Administrasie en die Rekensentrum op ewekansige wyse geselekteer en 'n vraelys is aan elk gestuur. Die verwerkbare respons van 686 vraelyste (70,4% van die steekproef), is goed verteenwoordigend van die studentemassa.

Voorlopige ontledings van enkele spesifieke gegewens uit die opname, het die volgende breë strominge aan die lig gebring:

- daar bestaan 'n latente onsekerheid onder 'n groot groep studente oor studentepolitieke aangeleenthede;
- die oorgrote meerderheid studente (veral Afrikaanssprekendes) is geneig tot 'n onkritiese aanvaarding van die *status quo*.
- daar is 'n tendens weg van 'n seksionele Afrikanergroepsbewussyn na 'n oorkoepelende nasionale bewussyn;
- daar heers groot onkunde by die studente m.b.t. die beleidsrigtings van die belangrikste politieke partye in die land, selfs m.b.t. partye wat die respondente self steun;
- partyondersteuning geskied nie op rasionele grondslag nie, maar berus wel op sterk emosionele oorwegings;
- ongeveer een-derde van die Afrikaanssprekendes in die responsgroep is latente PFP-ondersteuners terwyl die oorgrote meerderheid studente die NP ondersteun.

TAAL EN KURSUS

Dit blyk dat taal- en kursusverskille tussen studente die belangrikste determinante of oorsake van houdings polarisasie is. So is gevind dat Engelssprekende studente (12% van die steekproef) deurgaans meer krities staan teenoor aktuele vraagstukke as die oorgrote meerderheidsgroep Afrikaanssprekende studente (77%) wat geneig is om die *status quo* eerder te aanvaar as te bevraagteken (stawing hiervan word later gegee).

'n Kursusontleding toon dat daar 'n sterk verband bestaan tussen die akademiese rigting waarin 'n student studeer en sy houding t.o.v. aktuele vraagstukke. **Die meerderheid studente in die Teologie en Natuurwetenskappe neem deurgaans 'n baie konsekwente behoudende standpunt in terwyl die meerderheid respondente in die regte, ingenieurswese, landbou en bosbou konsekwent "verligte" standpunte inneem.** Die oorgrote meerderheid studente in die geesteswetenskappe (insluitend opvoedkunde) en sosiale wetenskappe (insluitend ekonomiese wetenskappe) is deurgaans onseker van hul houdings, dog neig sterk na behoudende uitsprake.

ONSEKER

Dit wil verder voorkom asof PSO-studente meer "verlig" is as koshuisstudente; senior studente meer "verlig" en krities is as eerstejaars en mans meer "verlig" as dames. Damestudente neig ook deurgaans om meer onseker oor hul standpunte te wees as mans.


*('n Volledige uiteensetting van die resultate verskyn op bladsy 17.)*


# SR-verkiesing ; so lyk die veld vanjaar

DAAR is 17 nominasies vir vanjaar se SR-verkiesing, van die minste in jare. Hier is die volledige lys:

Hilgard Bell
Deon de Kock
Piet Delport
Jan de Wet
Hendrine de Wit
Dawie Jonker
Piet Kleyn
Rainer Kloos
Renier Koegelenberg
Nic Koornhof
Frikkie Landman
Tinie Muller
Piet Naudé
Tollie Oosthuizen
Etienne Rabe
Frans Roelofse
Pieter Stofberg

Die feit dat daar so min kandidate is, slaan die optimisme wat ná die gebeure van die afgelope jaar geheers het, dat daar baie meer as twintig kandidate sal wees, sterk in die wind.

Die verkiesingsuitgawe van *Die Matie* verskyn Maandag. Die verkiesing vind op 22 Augustus plaas ná die koshuisbesoeke wat reeds gister begin het en die sirkus op 21 Augustus.


*(Sien hoofartikel op bl. 12).*


## *Lees binne*


- Die houding van Matie-dames t.o.v. Vrouebevryding op bl. 4.
- 'n Betoog dat die SR en ander instansies meer sal omsien na die kunste op Stellenbosch.
- Matie-gesprek met Dr. John Kannemeyer op bl. 12
- Koshuisrugby op bl. 19.
- Die Matie Sportman- en Sportvroukompetisie waar aantreklike pryse te wen is op bls. 10 en 11.
- Wat sien Matie-mans en -dames in mekaar? – bl. 5.



*DIE oud-Matie bariton, Kristian Stern, en oud-Ikey pianiste, Melanie Horn, wat op Sondagaand 13 Augustus 'n gesamentlike uitvoering in die Konserwatorium gee. Melanie open die Program met Beethoven se Sonata Op. 109 in E Majeur en Chopin se Nokturne Op. 27 nr. 1. Kristian sal liedere van Strauss, Schumann, Duparc en Ravel sing. Kristian se beroepsloopbaan het begin met sy deelname in 1970 aan die Thomas Arne Konsertreeks in St. Pauls. Hy het ook al in die Purcell Room en Wigmore Hall opgetree. Melanie het haar debuut as soliste saam met die Kaapstadse Simfonie-orkes gemaak toe sy vyftien was. Sy studeer tans aan die Royal College of Music in Londen en maak eersdaags haar debuut in die Wigmore Hall.*

# KUNS LEI SKADE — BLAD BEPLEIT

DEUR WILLIE VAN DER MERWE

IN *Die Matie* is die afgelope tyd onbeskroomd kritiek gelewer op die onbevredigende wyse waarop studentebelange deur verenigingsbesture en veral die SR verwaarloos word. Eersdaags word egter nuwe besture verkies en die SR-verkiesing is op hande. Dit is nou die aangewese tyd om krities te kyk na die hantering van studente se kunsbelange en sinvolle voorstelle te maak vir verbetering.

In *Die Matie* is deurgaans twee bladsye aan kunsberiggewing afgestaan. Daar is op vernuwende wyse te werk gegaan om hierdie ruimte te benut tot voordeel van die student met kunsbelange. Nogtans het die ruimte beperk gebly om reg te laat geskied aan die wye kunsveld.

Kyk mens egter na ander studentepublikasies soos bv. koshuisblaaie en verenigings se lyfblaaie, is die toestand uiters betreurenswaardig. In uitsonderlike gevalle bestaan daar tweederangse letterkundige rubriekies. In die meeste gevalle word swakkerige gediggies (die digters gewoonlik anoniem) vir bladvullers gebruik. Van kommentaar of kritiek is geen sprake en die ander kunste bv. musiek, beeldende kunste en fotografie geniet geen aandag nie. So nou en dan word 'n "kunssinnige" darem gevra om dineekaartjies te ontwerp of 'n gepaste "versie" oor die geleentheid uit te dink.

## ASVS

Selfs diie ASVS as sg. Afrikaanse kultuurvereniging (miskien moet affilliasie met die F.A.K. eerder oorweeg word! ) het jammerlik teleurgestel. In sy "Voorsitterswoord" (*Die Taak, Maart 1978*) sê Frikkie van der Merwe: *"Die ASVS is 'n Afrikaanse kultuurvereniging wat hom beywer vir die bevordering, uitbouïng en skepping van die Afrikaanse kultuur op die kampus van Matieland."* Bevordering, uitbouing en skepping van kultuur is egter ondenkbaar sonder besondere aandag aan die kunsbelewing en artistieke kreatiwiteit van diegene wat deel in die kultuur. 'n Kultuur wat mank gaan aan die vernuwende kreatiwiteit van die kuns, stagneer en loop gevaar om eerder klugtuur as kultuur te wees.

Al wat egter van kuns tereg gekom het in die ASVS, was die aanstelling van 'n Kuns- en Kultuurredaksie vir *Die Taak*. Nooit is daar by enige geleentheid vooraanstaande skeppende kunstenaars uit Afrikaanse geledere genooi vir dagseminare of gespreksgeleenthede nie. Intussen loop 'n meerderheid denkende Afrikaanse studente met allerlei vrae oor bv. Sensuur en die sg. "Kloof tussen volk en skrywer". Dan is daar nog die wat onder die waan verkeer dat Langenhoven die laaste groot Afrikaanse skrywer was en Danie Bosman 'n komponis van wêreldfaam. Name soos Stefaans Grové en Arnold van Wyk lui vir meeste nêrens 'n klokkie nie. Was dit nie vir 'n paar sensasionele hofsake nie, was Breyten Breytenbach nog vir meeste onbekend.

Hier is immers 'n leemte waarin die ASVS kon voorsien. Geleenthede kon geskep word waar skeppende kunstenaars en Afrikaanse studente bekendgestel word of selfs in gesprek tree. Op so 'n wyse word die studente geprikkel tot belangstelling in die bronaar van sy kultuur. Hy word gestimuleer om deur eie skeppende werk mee te help met die bevordering en uitbouïng daarvan. Selfs op plaaslike studentevlak is geen aandag gegee aan Afrikaanse studenteskrywers, -musici, -beeldende kunstenaars, ens. Kon daar nie eers gedink word aan voor die handliggende moontlikhede soos bv. kompetisies vir Afrikaanse poësie/prosa en ligte musiek. Of het die ASVS-ringkoppe al so innerlik geëmigreer na die noordelike ASB-kampusse dat die behoeftes van hulle eie kampus hulle ver van die hart lê?

## ASK

Hier het die ASK darem op 'n manier in die leemte gevul met voorlesings rondom die letterkunde. Synde 'n vereniging wat nie lidmaatskap vereis nie, voer die ASK egter 'n finansiële sukkelbestaan. Met 'n uiters skrale fooitjie as SR-subsidie kon dus ook nie veel vermag word nie. Van hulle publikasie, *Penseel*, kon darem veel meer gemaak word. Almal kan tog nie die voorlesings bywoon wat voor die ASK gelewer word nie. Daarom kon naas studente se skeppende werk ook van hierdie voorlesings in *Penseel* gepubliseer gewees het.

Verder is dit 'n skreiende skande dat *Die Matie* alleen moes instaan vir die beoordeling van die skeppende werk wat wel gepubliseer is. Synde 'n vereniging wat nou skakel met die Departement Afrikaans en Nederlands, kan 'n bevoegde persoon mos genader word om die bydraes in dieselfde *Penseel* krities te bespreek. Dit sou immers van *Penseel* 'n publikasie maak wat op wyer verspreiding kan aanspraak maak. Dis nie vreemd dat die huidige *Penseel* slegs deur die bydraers en hulle persoonlike vriende gekoop en gelees word nie! Die *English Society* is in hierdie verband nie eers kritiek werd nie. Dat daar nog nie eers gedink is aan 'n publikasie-geleentheid vir studente wat skeppende werk in Engels lewer nie!

## OORLEWINGSBESTAAN

Ek volstaan. Dit is duidelik dat daar veel meer kan tereg kom van die Stellenbosse studente se kunsbelange. Hiermee wil ek nie beweer dat daar nie verenigings is wat in bepaalde aspekte van die kuns 'n belangrike bydrae lewer nie. Hier dink ek bv. veral aan *USAT, US-Filmvereniging, Kreatus, Fokus* en selfs die *ASK*. In die oorbevolkte verenigingslewe van Stellenbosch voer selfs hierdie verenigings egter 'n oorlewingsbestaan. Die student kan hoogstens by twee of drie van hierdie verenigings se aktiwiteite betrokke raak. Sy belangstelling in ander aspekte van die kuns lei noodwendig skade.

Het dit nie tyd geword dat aan hierdie probleem op SR-vlak aandag gegee word nie? Die feitelike situasie is dat daar op Stellenbosch aktief letterkunde bedryf word op 'n hoë standaard – en in meer tale as Afrikaans. In die afgelope paar jaar het Stellenbosch reeds erkende digters opgelewer soos bv. *Fanie Olivier* en *Marlene van Niekerk*. Stellenbosse musiekstudente behaal groot welslae plaaslik en oorsee, maar geniet weinig erkenning op hul eie kampus. Dieselfde geld vir studente in die Beeldende Kunste. Op dramagebied word gedurig dramas deur studente geskryf en opgevoer. Al erkenning en aanmoediging wat dit geniet is 'n enkele opvoering tydens die *USAT Toneelfees* in 'n gans te klein *Libertas Teatertjie.*

## KUNSPUBLIKASIE

'n Publikasie wat al die kunsaktiwiteite saamsnoer en aan die breë studentegemeenskap deurgee is 'n moontlike oplossing. In kunskringe word die behoefte aan so 'n gemeenskaplike mondstuk al sterker gevoel. 'n Klein onderafdelingtjie jaarliks in die SS is maar 'n powere weergawe van die kunslewe op Stellenbosch. Deur die daarstelling van 'n volwaardige kunsblad kan hierdie probleem reggestel word. In so 'n publikasie kan skeppende werk van studente wat 'n hoë standaard handhaaf, gepubliseer word. In dieselfde publikasie kan die kritiese beoordeling van hierdie bydraes deur bevoegde persone aan die Universiteit verskaf word. Prominensie kan verleen word aan die aktiwiteite en indiwiduele prestasies van studente in die verskillende kunsrigtings. Voorlesings rakende die kuns deur besoekende gassprekers kan tot voordeel van die studentegemeenskap weergegee word.

Daar blyk 'n paar moontlikhede oop te wees. Ek sou dit graag onder die aandag van die eersdaagsverkose *SR* wou bring. Daarby hoop ek om hiermee ook ondersteuning uit studentegeledere te kry. Wye reaksie in *Die Matie* sou dien tot ondersteuning en die moontlike deurvoering van hierdie saak.

- Dié kunsblad kan as byvoegsel van *Die Matie* bv. kwartaalliks verskyn. Die Kunsredaksie van *Die Matie* sou dan die redaksionele versorging kon doen.
- Dié kunsblad kan ook in dieselfde kategorie as die *SS* die vorm van 'n prestige publikasie aanneem. 'n Permanente redaksie kan deur die publikasiekomitee aangestel word. Die blad kan via die *SR* deur die Universiteit gesubsidiëer word en verder steun op borgskappe en advertensies. Instansies soos die *Departement van Nasionale Opvoeding* of die *Akademie vir Wetenskap en Kuns* mag dalk bereid wees om mee te help. Die blad kan kwartaalliks of halfjaarliks verskyn. In samewerking met die *Departement van Inligting van die Universiteit* kan dit selfs wyer verspreiding geniet as die kampus.

*Hier is 'n geleentheid vir Stellenbosch om homself weer eens in leiershoedanigheid te onderskei van ander kampusse. Studente kan d.m.v. briewe aan die Kunsredaksie reageer.*

# Lei sensuurwet dalk tot sosiale skisofrenie?

*AS ons hier wil oorleef, kultureel en andersins, as ons Afrikaans lief het en dit wil gebruik waarvoor dit eintlik bedoel is, naamlik as 'n instrument wat die mens geskape het om homself en andere te verstaan, dan moet ons daarvoor sorg dat ons nie uit denkprosesse uitgeskakel word nie.*

Só het *dr. A. Blumer*, dosent by die Duitse departement, Donderdagaand, 3 Augustus in 'n praatjie voor sowat vyftig mense gesê. Hy het op uitnodiging van die ASK gepraat oor "Openbare sedes – private neuroses". Hy het gesê inligting is noodsaaklik vir enige vorm van denke. As daar deur die owerheid inligting weerhou word, beteken dit dat die bevolking se denke sistematies stagnant gehou word. Hy het verder gesê:

"Die gevolg is 'n oningeligte, niedenkende bevolking, veral met betrekking tot die terreine van die werklikheid wat die menslike samelewing ten nouste raak. En 'n oningeligte, niedenkende, dom bevolking is makliker manipuleerbaar as 'n ingeligte, denkende bevolking.

Julle, die studente, en ons dosente wat nog jonk genoeg is om hulself as studente te beskou, moet toesien dat ons soveel as moontlik inligting kry, uit alle moontlik denkbare oorde, uit rioolslote *én* die digterlike paradys bokant die wolke van die Berg Olympus, oor *álles* wat die menslike bestaan raak, ook oor Magersfontein".

## VERDELING

Hy het gesê dit is vir hom interessant dat die doel van die sensuurwet nie in die wet genoem word nie. Dit word egter duidelik as 'n mens kyk na wie se werke in die verlede verbied is. Dan word dit duidelik dat die doel van die wet is om Suid-Afrikaners in "in-group" en "out-group/s" te verdeel. Hy meen dit lei tot 'n verwydering tussen owerheid en bevolking, wat tragiese afmetinge aanneem. Een eindresultaat daarvan is die wyer wordende kommunikasiegaping tussen owerheid en bevolking. "Alles wat by die "in-group" goedgesind is, is in die openbaar toelaatbaar en alles wat die "in-group" se magsposisie moontlik in gevaar kan stel, is nie meer toelaatbaar nie."

Hy glo die doel van die sensuurstelsel is 'n politieke instrument waarmee probeer word om afwykendes terug tot die kudde te dwing. Die verskil tussen wat in die privaat en wat in die openbaar toelaatbaar is, verdeel die mens in twee en gee hom 'n gesplete persoonlikheid. Die eindtoestand is die resultaat van 'n siekte wat deur die sielkundiges neurose genoem word.

"Die neurotikus verseg om sekere dele van die werklikheid waar te neem. Hy sluit die terrein uit sy bewussyn van die openbare werklikheid uit, maar hulle bly voortbestaan in die vorm van 'n skuldkompleks. Dié toestand kom ook voor in 'n samelewing. In sy geïnstitusionaliseerde en op-die-wetboek-vasgepende vorm noem ons dit sensuur. Net soos die individu, verdring 'n samelewing uit sy sosiale bewussyn wat vir hom onaanvaarbaar is of, in die meeste gevalle, dit wat aan hom as onaanvaarbaar voorgehou word."

Die "in-group" (wat hy gerieflikheidshalwe "die owerheid" noem), is verantwoordelik vir ons sosiale skisofrenie.

FOTOGRAWE!
24 UUR
KLEURFILMDIENS,
GRATIS FILM EN
GRATIS VERGROTINGS

CYGNA-ELECTRONICS
TRUSTBANKSENTRUM, STELLENBOSCH, TELEFOON: 3408

# UNIEKE BLAASORKESFEES IN OKTOBER

**BLAAS**

## Nege bekende orkeste

DIE Blaasorkes van die Universiteit van Stellenbosch reël 'n groot blaasorkesfees in die D.F. Malan-gedenksentrum op Stellenbosch vir 10 Oktober vanjaar.

Agt bekende blaasorkeste en 'n vooraanstaande Kaapse Maleier-orkes gaan aan die fees deelneem, te wete die doedelsakorkes van die Cape Town Highlanders, die Cape Caledonian Pipe Band, die blaasorkeste van die Kaapse Veldartillerie, die Cape Town Rifles (Dukes) en die Kaapse Korps, die Vlootorkes, die blaasorkes van Diocesan College (Bishops) en die Universiteit van Stellenbosch-Blaasorkes. Die Maleierorkes word spesiaal saamgestel deur die S.A. Koorraad.

### MASSA-ORKES

In die eerste helfte van die program sal die orkeste afsonderlike optree, en in die tweede helfte sal hulle as 'n massa-orkes van oor die 250 blasers en slaners speel. Prof. Donald E. McCathren van die Duquesne-universiteit in Pittsburgh, VSA, sal die massa-orkes dirigeer. Hy word spesiaal na die Republiek genooi om aan die orkesfees deel te neem.

### KOMITEE

Die reëlingskomitee bestaande uit die dirigent en bestuurslede van die Universiteit van Stellenbosch-Blaasorkes en die dirigente van die ander orkeste het onlangs op Stellenbosch vergader, en reëlings vir die unieke fees is reeds in volle gang.



*Op die foto verskyn v.l.n.r., voor: sers. Ted Frazer van die Dukes-orkes, lt.-kommandeur Ron Marlow van die Vlootorkes, kand.-offisier D G. Liebbrandt van die orkes van die Kaapse Korps en doedelsakmajoor Norman Mouton van die Cape Town Highlanders-orkes. Agter verskyn v.l.n.r.: mnr. Graham Coote van die Bishops-orkes, luit. Renier Strydom van die Kaapse Veldartillerie-orkes, dr. Paul Loeb van Zuilenburg van die Universiteit van Stellenbosch-Blaasorkes, mev. Petra Loeb van Zuilenburg en dr. Ronnie Belcher, bestuurder van die Universiteit van Stellenbosch-Blaasorkes.*

# DIE HOED IS VOL GEHEIME

## USAT HET VOL PROGRAM

USAT beoog om hierdie semester 'n reeks Vrydagaand-aanbiedings op die planke te bring. Die program sal so wisselend as moontlik gehou word, en daar is dus hier 'n kans vir enige student om inisiatief aan die dag te lê en USAT te benader om sy eie idees.

### DIE HUWELIKSAANSOEK

Die eerste opvoering sal waarskynlik Chekhov se *Huweliksaansoek*, onder die regie van Ronnie Belcher, wees. Hierdie produksie het 'n prys van R500 verower by die *KUESTA '78* kunsfees, 'n landswye projek van die *ASB*. Die geselskap van Adéle Marais, Neil le Roux en Ronnie Belcher het hoë lof ontvang vir die besonder professionele kwaliteit van hul werk. *USAT* is van plan om saam met die opvoering van *Die Huweliksaansoek* 'n lesing van gedigte van ons vooraanstaande studenteskrywers aan te bied.

Later hierdie kwartaal sal twee Engelse eenbedrywe opgevoer word, en repetisies hiervoor vorder reeds goed. Regie word deur Morlette Lindsay, regisseuse van die hoogs suksesvolle Dramafees-inskrywing van Helshoogte en Lydia, Mostellaria, en Jerome O'Regan, van Kreatus-faam, waargeneem.

### ZOO STORY

Vroeg in September sal The Zoo Story van Edward Albee opgevoer word. Albee is een van die belangrikste Amerikaanse dramaturge van die laaste twintig jaar, en Zoo Story was sy eerste suksesvolle toneelstuk. Dié werk is 'n geweldig sterk veroordeling van die onvermoë van die moderne mens om behoorlik te kan kommunikeer. Ware kommunikasie vind slegs in die stuk plaas met die dood van een van die karakters. Jonathan Watt-Pringle speel die rol van Peter, 'n middeljare besigheidsman, en Stefan Zoutendijk, wenner van die toekenning vir beste spel tydens dramafees 1978, speel Jerry, "a permanent transient, whose home is the sickening roominghouses on the West Side of New York City, which is the greatest city in the world . . ." Andrew Donaldson is die regisseur.

# TARTUFFE GROOT SUKSES; NOU NA NICO MALAN

TARTUFFE deur Molière (Jean-Baptiste Poguelin), in Engels vertaal deur Richard Wilbur en opgevoer deur **KRUIK** se Engelse toneel o.l.v. Pieter Fourie, met Henry Goodman (Tartuffe), Roger Burger (Orgon), Zoë Randall (Orgon se moeder), Loïs Butlin (Elmire, Organ se vrou), Philip Godawa (Damis), Merle Sifton (Mariane), Peter Curtis (Organ se swaer), Peter Cartwright (Valère, verlief op Mariane), Jacqui Singer (Dorine, Mariane se kamerbediende) en ander.

### SATIRIES KOMIES

In dié satiries-komiese stuk val Molière die mens se misbruik en uitbuiting van twee maatskaplike instansies aan, nl. religieuse skynheiligheid (en wys derhalwe die gevaar wat dit inhou vir individuele vryheid en moraliteit) asook die kwaad wat spruit uit dwanghuwelike. Die huwelik is egter van sekondêre belang in die stuk. Die hooftema is skynheiligheid. Molière het oorspronklik die rol van Tartuffe vir 'n groot vet man met growwe gelaatstrekke geskryf. Sy vroom praatjies oor ras en armoede was dus meer komies gesien in die lig van sy vet figuur en rosige gelaatstrekke. Henry Goodman as Tartuffe was tog volkome geloofwaardig. Die grootste gevaar verbonde aan die rol is sekerlik om dit te óórspeel en sodoende Tartuffe klugtig te maak. Goodman maak hom nooit hieraan skuldig nie.


Die bandopname masjien asook moderne dekor en rekwisiete was nie heeltemal gedaag, gemeet teen die 17de eeuse teks nie. Sy swart kostuum het die somber kontras tussen hom en die ander spelers ge-intensiveer. Die beweging in die 17de eeuse kostuums was lomp en "modern".

Cléante is die "gesonde verstand" karakter wat ware onskuld en gebalanseerdheid, in kontras met Tartuffe se skynheiligheid, Orgon se liggelowigheid en ekstremistiese lewensuitkyk, vir die gehoor uitstippel. Soos die meeste van die spelers was sy spel goed. Curtis laat val soms frases wat dan nie duidelik gehoor word nie. Die klein foutjie word vergewe in die lig van die helder artikulasie en beheer van stem in die ander spelers.

Die bedinkte einde van die oorspronklike teks was 'n onderwerp vir baie kritiek. Emosioneel is dit bevredigend, want regverdigheid seëvier en alles word tot die normale herstel. Maar is dit die normale soos dié wat in die die realiteit ervaar word? Regverdigheid seëvier nie altyd in 'n korrupte wêreld nie. Ek kan die weglaat van die laaste toneel hoog aanprys. Dit is altyd maklik om die skrywer letter vir letter na te volg sonder om self te dink en 'n oordeel te vel. Op die wyse word die gehoor aan die slaap gesus en tevrede gestel — dít is egter nie die doel van teater nie. Desondanks genotvolle spel en vele lagbuie het die opvoering van Tartuffe vir elkeen in die gehoor 'n ernstige lewensboodskap ingehou.

**RACHELLE GREEFF**





*HENRY GOODMAN (foto links) het die rol van Tartuffe vertolk. Roger Dwyer (foto regs) het die rol van Orgon vertolk. Altwee die akteurs het baie geloofwaardige spel gelewer.*

# DR. DEHAECK SE DINGE IN CLOETESVILLE

DAAR is onlangs 'n vraelys versprei om uit te vind presies hoeveel mense belangstel in die moontlike oprigting van 'n kultuursentrum vir eksprimentele teater. Dit sou die volgende behels het:

- Moderne eksperimentele teaterwerk deur plaaslike sowel as genooide groepe uit Kaapstad; "workshops" aanbiedings in multimedia opvoerings
- Poesie-aande; musiek uitvoerings; poppekas; filmvertonings; konferensies
- Uitstallings van kunswerke
- Beperkte opleidingsgeriewe vir kunstegnieke.

Al hierdie geriewe sou onder een dak gehuisves wees. As gevolg van omstandighede kon hierdie planne nie deurgevoer word nie. Daar is hard na 'n ander plek gesoek.

Die Eksperimentele Teater van Stellenbosch het nou, danksy die hulp van Ds. Van Dyck, sy eie kantoor in die Cloetesville Kerksentrum gekry. 'n Paar geesdriftiges is tans besig om meer lede te werf en hulle is druk besig om 'n blad saam te stel wat maandeliks aan die lede gestuur sal word.

Die eerste opvoering word beplan vir begin September en die produksie bevat 'n dramatisering van die Kontiki-ekspedisie, Raka en 'n musikale groepsekspressie met projeksies. Opvoerings sal in Idasvallei, Cloetesville en die Libertas teater gehou word. 'n Vakansie-toer na dorpe en stede aan die kus word in die vooruitsig gestel. In Oktober word 'n Ionesco-aand beplan.

# BEVRYDING VAN DIE VROU; ONS DAMES IS STIL



*Die verset teen drompoppies en skoonheidskompetisies is maar een van die kleinere fasette van Women's Lib. Dames op Stellenbosch blyk onkundig te wees hieroor, alhoewel sommige voorgee om iets van die saak te weet. Hul mees drastiese deelname skyn te wees die afswering van die dra van sekere noodsaaklike kledingstukke.*

DAMES op die Engelse kampusse se algemene lewenspatroon is een van groter onafhanklikheid en meer liberale sienings oor die rol van die vrou en haar reg op selfverwesenliking – die gevolg hiervan is dat hul lewensstyl as sodanig indirek meer van die dinge waarvoor die Women's Lib beweging staan, onderskryf. Op die meer linkse Engelse kampusse soos Wits en Kaapstad bestaan daar dan ook bewegings wat as hoofdoel iets in die rigting van bewusmaking (awakening) nastreef en wat poog om tradisionele kampusaktiwiteite, wat 'n ondergrawing van die vrou se inherente waardigheid tot gevolg het, soos drompoppies en skoonheidskompetisies, te beëindig.

Daar bestaan geen twyfel dat die dames aan die spits van die bewegings sterk onder die invloed staan van die Amerikaanse tradisie van vrouebevryding – ('n beweging waàrin mense soos Gloria Steinem, Bettie Friedan en later Billy Jean King en Nora Ephron aktivistiese leiding gee). **Dit is dan ook interessant om die tweespalt te sien ontwikkel tussen dié groepe dames op Engelse kampusse wat die meer Amerikaanse tradisie onderskryf en dié wat meer sosialisties oor die vroue-vryheidsbeweging voel. Plek-plek, soos op die Ikey-kampus, het die twee groepe al haas onversoenbaar geraak.**

## SOSIALISTIES

Waar die meer Amerikaans-geöriënteerdes hulle beywer vir die afskaffing van skoonheidskompetisies en poog om te verseker dat dames nie net deur 'n stadium van "bevrydheid" gaan terwyl hulle studeer en ongetroud is en dan later wanneer hulle tróu, weer onaktief raak, en vir die samelewing nuttelose lewens lei deur hulle toe te spits op hul huise en kinders en hul opleiding nie meer gebruik nie (hulle raak dus net lewensmoë "suburban housewives"), *beywer die meer sosialisties geöriënteerdes hulle eerder op 'n politieke vlak.* **Hulle sien dit uit 'n ekonomiese oogpunt noodsaaklik dat hoogsgekwalifiseerde "vrouekrag" aktief sal bly werk en steeds op die arbeidsmark sal meeding. Ook voel hulle dat die meer Amerikaans-georiënteerdes die spesifieke probleme van ons Suid-Afrikaanse situasie miskyk. Hulle sien die swart vrou as die mees uitgebuite persoon in die Suid-Afrikaanse sosiale en ekonomiese bestel. Vanweë talle swart tradisies word (soms) uitermate en onredelike onderhorigheid aan hul mans van swart vrouens geëis. Daarbenewens word hulle ook nog deur die blanke onderdruk en hul onopgeleide en ongekwalifiseerde posisie uitgebuit.** Hulle sien die Amerikaanse benadering as te eng: 'n blote antwoord op die sosiale probleme vir die vrou wat lid is van 'n kapitalistiese samelewing. Woorde soos "verveeldheid en onvervuldheid" is vir hulle die produk van 'n lewe in lg. tipe samelewing. Hulle voel sterk oor die noodsaak daarvan om hierdie bewegings aan te pas om antwoorde te vind op die Suid-Afrikaanse probleemsituasie. Hulle beskou die beweging as nutteloos, indien dit dit toespits op sake soos aborsie en skoonheidskompetisies en in dié proses die groteske onderdrukking en verkleinering van die nie-blanke vrou miskyk. Want dit is juis lg. groep wat die grootste deel van ons onopgeleide arbeidsmark uitmaak. Benewens die salarisgapings tussen hulle en hul blanke eweknieë, spits hulle hul ook toe op die sosiale oorsake soos swart stamtradisies en gebruike.

**Hierdie groep verwerp dan ook die tipe agitasie wat bedryf word deur vrouens soos Adéle van der Spuy as nutteloos en "trivial". Hulle voel agitasie oor dinge soos ongelykheid in die staatsdiens en openbare poste is van volkome ondergeskikte belang en dit bestaan in elk geval bykans nie. Hulle beskou dit as 'n onvermoë om die vinger te lê op presies waar die haakplekke lê vir die vrou in Suid-Afrika en wat die oorsaak daarvan is.**

## AFRIKAANSE KAMPUSSE

Die Afrikaanse kampusse bevind hulle oor die algemeen nog in 'n sluimering en 'n rustige posisie onder die armes van sterk leidinggewende jong mans! Die damesblaaie in hul kampuskoerante voer dan ook lustig onderhoude met skoonheidskoninginne oor wat hulle dra en van watter tipe ouens hulle hou. Die enigste kampus waar daar 'n mate van bewustheid bestaan, is Potchefstroom – en dan is dit ironies om daarop te let dat hulle in heelparty gevalle tot dieselfde gevolgtrekkings raak as Engelse kampusdames wat in die Amerikaanse tradisie staan: hulle verwerp ook skoonheidskompetisies, maar a.g.v. die feit dat dit menseverheerliking is. Dieselfde geld vir drompoppies aldaar! Ironies kom hulle telkemaal tot dieselfde gevolg trekkings as hul geliberaliseerde susters, maar op meer Bybelse gronde.

**'n Algemene gevoel onder al die groepe is dat vele van die hinderlike en onnodige tradisies wat nog op kampusse bestaan, die resultaat is van die ongevoeligheid en eise van mans.** 'n Definitiewe probleemgebied word dan ook geïdentifiseer as synde die denke van jong mans en daar word ook sover moontlik gewerk om nie net, wat die bewusmakingsaspek betref, tot dames deur te dring nie. Baie van die skoonheidskoningintradisies word beskou as synde geperpetueer deur die eise van studentemans.

N.a.l.v. die bewegings teen alle vorme van uitbuiting van die vrou se liggaam op die meeste Engelstalige kampusse asook op Potchefstroom, het *Die Matie* gaan vasstel wat die studente en professore op Stellenbosch van drompoppies, skoonheidskoninginne en sjampanjenooientjies dink.

## LOUISE TREURNICHT, PRIMARIA VAN NEMESIA

Louise Treurnicht, primaria van Nemesia, sê: "Op grond van die Amerikaanse invloed het daar 'n klemverskuiwing ontstaan by die benadering tot skoonheidskompetisies: Veel meer aandag en gewig word gegee aan selfvertroue, persoonlikheid, geartikuleerdheid en algemene vermoë om te kommunikeer. So bv. het Margaret Gardiner mej. Heelal geword omdat sy darem so 'n "Stock in trade" frase soos "alle rasse kan gelukkig saamleef" kon besig. Wat egter misgekyk word met hierdie meer verligte benadering teenoor skoonheidskompetisies, is die volslae ironisering waartoe dit gelei het: al het 'n meisie ook die persoonlikheid van 'n Liza Minelli of 'n Sarah Bernhardt, sal sy nóg nie 'n skoonheidskoningin word as sy nie fisies aan sekere vereistes voldoen nie. Womens Lib het dus net 'n verskuiwing in die benadering tot skoonheidskompetisies meegebring – maar die euwel as sodanig word geperpetueer. Geen wonder dat Betty Friedan haar hande in die lug gooi en sê vrouens WIL nie bevry wees nie! "

## MEJ. MATIE

Ingrid Koning, vanjaar se mejuffrou Matieland, stem nie saam dat die vrou se liggaam uitgebuit word in die mejuffrou Matieland kompetisie nie. Die dames wat daaraan deelneem, hoef nooit in 'n baaikostuum te verskyn nie en kort rokke word ook by geen geleentheid vereis om die dames se bene te beoordeel nie. Vir alle praktiese doeleindes sou mej. Matie lelike bene kon hê en niemand sou dit weet nie. Mej. Koning voel egter dat alhoewel daar meer klem gelê word op die dame se persoonlikheid by die mej. Matieland-kompetisie as by die mej. Kampus-kompetisie, hierdie aspek van die totale vrou by die beoordeling 'n nog groter rol kan speel en dus minder klem plaas op die deelnemer se fisiese skoonheid. Alhoewel dit uiteraard belangrik is, gaan sy nie net vir die "looks" nie. Sy ondersteun dus die huidige manier van keuring waar die deelnemer onderwerp word aan vrae oor enige onderwerp, maar dit nie afhang of haar antwoord reg of verkeer is nie, maar wel haar reaksie en benadering tot die vraag wat die soeklig op die mens eerder as die akademiese skoonheid plaas. **Dit is verder belangrik meen sy, omdat mej. Matieland baie meer prakties gebruik behoort te word om die saak van USKOR te bevorder, want dit word baie afgeskeep.**

Skoonheidskompetisies is in die laaste opsig nie essensieël nie meen Ingrid, maar dit gee die nodige kleur aan die geleentheid.

## DIE SJAMPANJENOOIENTJIE

Ingrid veroordeel niemand wat aan die kompetisie deelneem nie maar sy sou self nie daaraan deelneem nie, bloot omdat die klem te veel, indien nie geheel en al, net op die fisiese val nie. Veral sou Ingrid nie daarvan hou om in 'n mini of sjoebroekie te verskyn vir mans om jou bene te beoordeel nie.

## DROMPOPPIES

Ingrid is van mening dat selfs die meisies van drompoppies hou omdat dit gesofistikeerd en kunstig is en dit help om die regte atmosfeer te skep wat so eie is aan karnaval. Enige iets kan suggestief wees, want dit hang van die kyker af wat veronderstel is om gekondisioneer te wees om mense in sekere situasies in sekere tipes kleredrag te sien.

## PROFESSOR HEYNS

Prof. Johan Heyns van die Pretoriase Kweekskool meen dat dit nie so verkeerd is dat hy teen enige van bg. drie dinge beswaar sal maak nie, maar tog waarsku hy dat die beginsel van skoonheidskompetisies glad nie goed te praat is nie, want dit is deel van die kultus om die verheerliking van die liggaam.

**Die norm is dat die kleredrag nie onwelvoeglik moet wees nie, d.w.s. die drompoppie se broekie moet nie wys nie, asook dat die tipies vroulike nie beklemtoon moet word nie.**

## RIANA DU TOIT – PRIMARIA VAN LYDIA

Riana keur die bestaan van drompoppies en skoonheidskoninginne heeltemal goed. Hoewel die belangstelling in drompoppies gewoonlik om die meisies en hulle figuur draai, eerder as om hulle passies, voel sy dat die meisies nie individueel daardeur blootgestel en benadeel word nie.

## LIEZEL VAN DER MERWE PRIMARIA VAN MINERVA

Sy het niks teen die beginsel van drompoppies nie – 'n groep aantreklike en vietse meisies wat dansbewegings op die maat van musiek uitvoer, bly tog 'n mooi gesig – maar in die praktyk gebeur dit egter dat die meisies opsetlik "bekyk" word, eerder as wat hulle optrede waardeer word. Hier speel betaamlike drag ook 'n rol.

*(Vervolg op bl. 18)*


Kom saam, en kampeer in grasie met Viking Tours — Brittanje se voorste kenners van kampeervakansies. Reis in moderne, goed toegeruste busse wat deur deskundige koeriers bestuur word. Vertoef in pragtige kampeerterreine met puik fasiliteite. Geniet 'n puik beplande toer. Kyk net na al die ander Viking Tours-glanspunte:

- Keuse van 11 toere regdeur Europa en verder.
- Egte waarde vir geld. Toere begin by so min soos R44,00.
- **Die bystand van die London Travellers Club, waar u vakansie begin.**
- Die veiligheid om deur Gundelfingers of ander geakkrediteerde agente te bespreek.

Algemene verkoopagente — Gundelfinger & Son (Edms) Bpk. Vir nadere besonderhede, skakel u Reisagent:




**Hier kom die Vikinge!**

Om u op 'n Europese avontuur, tesame met volledige moderne geriewe, te neem.

**GUNDELFINGERS TRAVEL**

JOHANNESBURG • DURBAN • KAAPSTAD • PORT ELIZABETH • OOS-LONDEN • PINETOWN

Ek stel besonder belang in u Viking Camping Tours. Stuur asb. vir my die kleurbrosjures oor hierdie vakansietoere.

NAAM.....................................................

ADRES....................................................

Pos aan: Viking Tours, s/v Gundelfinger's Travel, Posbus 1041, Johannesburg, 2000.

# VANDAG SE ADAM EN EVA NOG SOOS VAN OUDS

WAAROM bly gewildheid by die teenoorgestelde geslag vir baie so belangrik, selfs in hierdie verligte tydperk waarin die emansipasie van die vrou sy verskyning gemaak het? Waarom neem die gewildheid van produkte wat belowe om vurige emosies in die teenoorgestelde geslag te ontlok, steeds toe terwyl die moderne mens veronderstel is om emosieloos, koel en berekend op te tree? En waarom waag selfs die mees gedugte mannekater dit in 'n "riem" op die strand, terwyl soortgelyke foto's menige manskamer versier? Dit blyk tog asof die bekoring wat lede van die teenoorgestelde geslag vir mekaar inhou, nog nie vervaag het nie. 'n Nuutgevonde held bly steeds 'n gewilde gesprekstema in baie koshuiskamers terwyl die dophou van meisies as 'n aangename tydverdryf in die ramkamp beskou word.

### WET

Die eeu-oue wet dat teenoorgestelde mekaar aantrek, geld steeds. Dit gebeur selde dat iemand wat in sy eie kamp as besonder aantreklik beskou word, dieselfde status by die teenoorgestelde geslag geniet. Die "windlawaai" en die verleidster is diegene wat dikwels elders die meeste aandag geniet.

### SWIG

"Wat is dit dan wat mans en meisies voor mekaar laat swig?" wonder baie. Wie ken nie die vermaning "Pas maar op vir die lente in Stellenbosch" nie? Ook die koue wintersaande moet glo met versigtigheid benader word. Grondbone moet liefs vermy word, en vaders maan hulle dogters om weg te bly uit vreemde motors.

Toegerus met 'n "wat elke seun/dogter behoort te weet", word Stellenbosch aangedurf met 'n vaste voorneme om met erns op die voorgenome kursus te konsentreer. (Vandaar die BA-mansoek-gedagte?)

### YWERIG

Soos dit die ywerige student betaam word daar besluit om "lentekoors" en die opwinding voor 'n "koshuis-social" op wetenskaplike wyse te benader. Gevolglik beland 'n handleiding tot korrekte gedrag vir elke geleentheid en ook "102 tegnieke tot suksesvolle hofmakery" op die boekrak. Gou is 'n definisie opgestel soos dit in die klas verduidelik word, en nie lank nie, of die nuweling is vertroud met die feite van "Die Laan" waar die bedrywighede ook volgens formule geskied.

### SEXY

Daar word besluit wat is "sexy" en wat nie, en dit blyk asof elkeen sy eie menings en ideale hieromtrent koester. Vir sommiges is dit blou oë of 'n besondere stem terwyl 'n seksie-uitstappie andere weer opgewonde stem.

'n Onderskeid word getref tussen "romanties" en "platonies". Romanties is dit wanneer daar voor 'n kamervenster gesing word, onromanties wanneer "veels geluk met jou verjaarsdag" vanuit 'n koshuisgang opklink.

### ATMOSFEER

Dit is nie die koffie van "Enrico" nie, maar die atmosfeer en die regte metgesel wat die digtersdrang na vore bring. "Neelsie-koffie" en 'n platoniese vriend ontketen blykbaar nie dieselfde reaksie nie.

### KEUSE

Die keuse van 'n geskikte metgesel vir die regte geleentheid is nie vir almal ewe maklik nie. Daar moet gekies word tussen kurwes en 'n voorslag in die pastorie, 'n breë borskas of 'n sportmotor, 'n sprankelende persoonlikheid of 'n aantreklike voorkoms . . . en nie almal is ewe bevoorreg om met 'n maat vir elke geleentheid te kan spog nie.

### UITDUNNING

Wanneer daar dan besluit is of dit intelligensie, leierskap, gesofistikeerdheid of beginselvastheid is wat jou bekoor, word begin met die uitdunningsproses.

### STUDIERIGTING

Dit is hier waar 'n mens se studierigting handig te pas kom – Die landboustudent weet min of meer aan watter vereistes sy kampioen sal moet voldoen. Persoonlikheidsleer het bewys dat mense van teenstrydige sterretekens soms tog goed klaarkom. Die onderwysrigting voorsien toegewyde ouers terwyl 'n huishoudkundige of 'n ingenieur praktiese gebruikswaarde in en om die huis sal hê. 'n Geoloog sal 'n vlekvrye diamant kan uitken en 'n ekonoom behoort 'n salaristjek op oordeelkundige wyse te kan bestee.

### VERBEELDING

Wat sien Matie-mans en -meisies in mekaar? Sommiges sê "bene" of "'n statussimbool". Ander meen weer dat hulle "dit in mekaar se oë kan sien, terwyl 'n derde mening dit as "net 'n kwessie van verbeelding" beskou.

Een ding is seker; hulle sien iets in mekaar; wat dit is maak nie veel saak nie.

*"NOU'T ek hom net waar ek hom wou gehad het. As ek my kaarte reg speel, is die knoop sommer in 'n japtrap deurgehaak". Party mense is net gelukkiger as ander, nie waar nie? Die behoefte bly dieselfde, die sukses varieer.*



# ALBO

BINNE 'n tydperk van minder as 'n jaar het Albo Student Handicraft gegroei vanaf 'n deur-tot-deur verkopery van leergordels tot die tuiste van studentehandwerk van hoogstaande gehalte.

### LEERWERK

Toe Henry Bouwer en die broers Alheit, Herman en Johan, hul Birdstraatplekkie in September '77 geopen het, het hulle geen kennis van leerwerk gehad nie. 'n Vierde vennoot in die besigheid, André Bouwer, sê spottenderwys: "Al wat ons van skoenemaak af geweet het, was wat die linkervoet en wat die regtervoet was!"

### KOFFIEKROEG

Vandag lewer Albo egter artikels aan Kaapstad, Port-Elizabeth en selfs Suidwes-Afrika. Hulle beoog om binnekort juweliersware van die hand te sit, terwyl 'n "Smoker's den" en koffiekroeg vir die toekoms beplan word.

### DIENS

As 'n studente-onderneming, (die vier eienaars studeer almal buitemuurs) lewer hierdie winkel beslis 'n diens aan Stellenbosse studente, wat 75% van hul klandisie uitmaak. Afgesien van bestellings wat geplaas kan word vir enige handgemaakte leerartikel en 'n bêre-koopstelsel, is hulle pryse billik in verhouding tot die hoeveelheid arbeid en tyd wat aan elke artikel gespandeer word.

### NAAM

Die broers Alheit en Bouwer (vandaar die naam Albo), skryf hulle sukses daaraan toe dat Stellenbosch werklik 'n behoefte gehad het aan 'n winkel van hierdie aard. Die feit dat elkeen in hierdie besigheid vir homself werk, stimuleer hulle om nog vir hulself groot naam in die toekoms te maak.

# DASUS SE KARNAVAL IS 'N HOOGTEPUNT

DIE DASUS-karnaval is vir die Duitssprekendes 'n hoogtepunt in die jaar. Dit is bewys deurdat mense van plekke so ver as Windhoek, Johannesburg en Grahamstad gekom het om die vierde Duitse Karnaval in Stellenbosch by te woon.

Hierdie ou Duitse tradisie het vroeg in die Middel-eeue ter viering van die oorgang van die winter- na die somerseisoen ontstaan. Die feit dat hierdie vreugdefees nou ook sy weg van Windhoek na Stellenbosch gevind het, is 'n uitbreiding van die kulturele lewe hier, want die karnaval het gekom om te bly.

"Ingo der Verfressene", die Karnavalprins en "Bärbel die Verwunschene" sy prinses, is vanjaar as die heersers van die narreryk aangewys.

Een van die wette van die regime is, dat alles wat nie uitdruklik verbied is nie, gedoen word en dat 'n swaar straf opgelê sal word aan diegene wat nie in goeie "stimmung" is nie.

Na die tradisie het die "Büttenabend" om elf minute na agt begin – 'n aand met 'n program van toesprake waarin kommentaar gelewer word oor lokale en internasionale gebeure op humoristiese wyse. 'n Grade trompoppies begelei die sprekers en vermakers na die verhoog.

'n Dans wat tot vroegoggend sou duur, het na afloop van die program gevolg. 'n Orkes uit Windhoek het musiek verskaf.

### EREGAS

Die Dekaan van die Landbou Fakulteit is gevra om weer eens die karnaval te open. As eregas was daar mnr. Lutz Breitenstein wat die Windhoekse karnaval in 1956 gestig het.

'n Maskerbal is die volgende aand gehou en pryse vir die beste kostuums is aan 'n geraamte, sy lyksbesorger metgesel en aan 'n wurm wat uit vyf segmente, elk verteenwoordigend van die vyf politieke groepe in Suidwes, bestaan het, toegeken. Die wurm het terselfdertyd die karnavalkeuse "Da ist der wurm drin" uitgebeeld.

Op Sondag het die "Kehkaus" plaasgevind en die karnaval is by hierdie geleentheid weer begrawe.

**Doctors bury their mistakes;**
**Lawyers hang theirs';**
**but journalists put theirs' on the front page.**



# DINK GOED EN STEM REG

**PIETER MARAIS, EENDRAG, skryf:**

DIE SR-kandidate is bekend en op 22 Augustus gaan al wat 'n Matie is, stem om 13 uitverkorenes bo die massa te verhef en sodoende Stellenbosch se bekwaamheid of onbeholpenheid aan die land te toon.

Ek wil dit waag om te sê dat die hele kabaal die afgelope jaar i.v.m. die SR op die ou end geen positiewe uitwerking op die gehalte van ons splinternuwe SR gaan hê nie. Nee, ek is nie negatief nie, net realisties.

Hoe stem die Stellenbosse student? By ons dameskorps speel die kandidaat se voorkoms die grootste rol (ek is ernstig) en die geëmansipeerde groepie stem soos die deursnee Matie-man op 'n basis van polities links en regs. Ek haal graag vir Grosvenor Lucas C. Meintjies van Fontein van Sêmaarso aan: "Links en regs is ledemate." Hierdie "boonste laag" van die Suid-Afrikaanse Jeug se oordeelsvermoë is verdag en dis ook dan geen wonder dat daar soveel kansvatters onder die kandidate is nie.

**Ons is 'n dinamiese land en daarom ook 'n dinamiese samelewing met baie probleme wat deur denkende leiers opgelos moet word. Enige Stellenbosse Jan Rap en sy maatjies kan die SR se administratiewe take verrig.**

Ons *mag nie* ons SR verkies op 'n oulike gesig, omdat hy regs of verkramp is, omdat hy voorsitter is van een of ander kultuurbeweging of politieke party, of omdat hy by jou in die koshuis is nie.

Ons *moet* seker wees dat hy kan dink vir homself, dinamiese dryfkrag en die vermoë besit om homself polities te kan uitdruk.

**Onthou, jy hoef nie vir 13 te stem nie. Stem vir een of twee, maar maak asseblief seker dat jy oortuig is van jou kandidaat se vermoë.**

*(Brief verkort – Red.)*



*DIE SAFUIS-afvaardiging wat onlangs 'n weeklange konferensie by Wits bygewoon het.*
*Bo-op, v.l.n.r.: Etienne Roux en Philip Viljoen.*
*Middel: Du Toit Viljoen, Gerhard Claassen (Referaat-wenner) en Albert Geldenhuys.*
*Sittende: Vic Hills (ISR-voorsitter). Andries Calitz en Greg Harington.*
*Heel voor is die trofeë en pryse wat hulle gewen het: 'n HP29c programeerbare sakrekenaar vir beste referaat; die beker vir die beste spreker op konferensie; en die trofee vir die beste publikasie (Momentum).*


# Gegradueerdes in enige ingenieurs-dissipline het meer as 'n graad nodig om sukses in hul loopbaan te behaal

**Die Anglo American-maatskappyegroep kan dit vir u moontlik maak om ervaring en verdere kwalifikasies te verwerf terwyl u waardevolle diens verrig. Indien u vanjaar gradueer, kom dadelik met ons in aanraking.**

**Hierdie groep produseer tans ongeveer 33% van Suid-Afrika se steenkool, 37% van sy uraan en 40% van sy goud. Diamantproduksie oorskry 10,5 miljoen karaat per jaar.**

**Ons maak daarop aanspraak dat ons in staat is om waardevolle loopbane aan gegradueerdes in dissiplines in die ingenieurswese aan te bied. Ons verskaf aktiewe, noukeurig beplande bystand aan sulke gegradueerdes om te verseker dat hulle hul individuele talente ten beste aanwend.**

**Indien u 'n veilige loopbaan met goeie vooruitsigte in die mynbedryf verlang wat registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad van Professionele Ingenieurs of die verwerwing van die Staatsbevoegdheidsertifikaat behels, kan die Groep u die toepaslike werkervaring en werk-georiënteerde opleiding bied wat so beplan is dat dit u akademiese agtergrond versterk.**

**Hierdie opleidingsprogramme is ontwerp om die verskillende aspekte van elke kwekeling se potensiaal te maksimaliseer deur 'n kombinasie van teoretiese en praktiese opleiding.**

**Tydens u opleiding sal u vir die grootste gedeelte van die tyd werklik waardevolle werk verrig en goed daarvoor beloon word; dit sal u toerus vir vroeë bestuursverantwoordelikheid.**

## Meganies en Elektrotegnies

By voltooiing van die kursus ná twee jaar behoort u gereed te wees om die Staatsbevoegdheidsertifikaat te verwerf. In die begin sal u by 'n "moedermyn" aangestel word waar u indienservaring sal opdoen in enige aspek van hidroulika tot kompressors, van ketelmakery tot gesofistikeerde instrumentasie. U sal ook baie oor ander aspekte van ons bedrywighede leer, onder andere bestuurstegniek.

## Metallurgie

Of u nou 'n graad het in skeikunde, nywerheidskeikunde, materiaalleer, chemiese of metallurgiese ingenieurswese, kwalifiseer u nog vir ons intensiewe kursus van 18 maande wat gesamentlik deur 'n myn, die navorsingslaboratorium en Hoofkantoor aangebied word. U verkry 'n breë insig in ons metallurgiese bedrywighede voordat u 'n pos as 'n Senior Aanlegmetallurg aanvaar, in welke hoedanigheid u betrokke sal wees by foutsporing, navorsingsprojekte en prosesondersoeke. U sal ook vir die eerste keer met gesagsverantwoordelikheid te doen kry.

## Mynbou

Gedurende u opleiding verkry u waardevolle insig in menseverhoudinge en bestuursverantwoordelikheid en doen u beplande indienservaring op wat daarop gemik is om u vir 'n Bevoegdheidsertifikaat toe te rus. Die program is op 'n modulêre grondslag opgestel sodat u inderdaad iets oor elke funksie van 'n myn leer.

**Al hierdie kursusse het een ding in gemeen - hulle is almal om die werksituasie gesentreer.**
**Die aanvangsalaris sal in die omgewing van R650-R700 wees. Maar dit word in ooreenstemming met u eie vordering verhoog. Byvoordele sluit 'n siekefonds, 'n verloftoelae, 'n pensioen- en assuransieskema en, terwyl u aan diens by die myn is, gesubsidieerde huisvesting saam met volle losies teen 'n nominale koste vir alleenlopende mans in.**

**Indien u belangstel, laat ons weet. Skryf aan mnr. F Worth, Personeelkonsultant, Anglo American Corporation (Hoofkantoor), Posbus 61587, Marshalltown 2107, en verstrek volledige besonderhede van u ouderdom, opvoedkundige prestasies, werkervaring (indien enige) en u loopbaanverwagtings. Dit sal van groot nut wees as u ook 'n samevatting verstrek van die werk wat u tydens u graadkursus gedoen het.**

aac

**Anglo American Corporation**
OF SOUTH AFRICA LIMITED

Admark Recruitment Advertising 3656

# SR — Portefeulje verslae

## Johann Aspeling

### *Voorsitter*

● *U SR het een van die stormagtigste termyne in 'n lang tyd beleef. Hoe voel u oor die einde wat wel aangebreek het?*

Ek is eerstens dankbaar dat ek Stellenbosch se studente-unie die afgelope jaar kon dien en tweedens glo ek dat die gebeure van die afgelope jaar slegs tot verryking van almal plaasgevind het.

● *Sal 'n SR wat polities meer betrokke is, werklik daartoe kan bydra om die algemene apatie, wat daar op die oomblik op die kampus heers, uit die weg te ruim?*

'n Deel van die studente-unie sal altyd apaties bly, maar ek glo dat politiese betrokkenheid by belangrike vraagstukke tog die gewone student sal prikkel en inspireer om in 'n mindere of meerdere mate deel te neem. Deelname sal ook afhang van hoe diepgaande die studie en relevant die uitspraak is en hoe suksesvol die studente-unie betrek kan word.



● *Voel u dat die nuwe bedeling soos voorgelê deur die implementeringskomitee, die werksaamhede van toekomstige studenterade grootliks sal beïnvloed?*

Die aktiwiteite van toekomstige Studenterade sal beslis uitbrei en sal ook herstruktureer moet word.

● *Was die gevoel van die studente-unie, soos uitgedruk tydens die laaste monstervergadering, nie genoeg aansporing vir die SR om sterker op te tree nie?*

**Die studente-unie het 'n versoek aan die SR gerig en ek glo deur die toepassing van voorgestelde veranderinge voldoen die SR beslis daaraan. Ek is oortuig daarvan dat die studente-unie se versoek nie daarop gemik was om van die SR net 'n politieke liggaam of drukgroep te maak nie, maar dat hulle besef dat die administratiewe en ander funksies ook 'n noodsaaklikheid is wat net eenvoudig nie weggelaat kan word nie.**

## Leon Oosthuizen

### *Onder-Voorsitter, Publikasies, N.P. van Wyk Louw-gedenklesing*

● *Dink u nie dat die samestelling van die Uitvoerende Komitee meer direk die wense van die studente-unie moet verteenwoordig nie?*

In 1975 het die studenteraad 'n kommissie aangestel om volledig in te gaan op ons hele verkiesingstelsel. Daar is bevind dat ons huidige stelsel, met al sy gebreke, op die ou end tog die bevredigendste en doeltreffendste stelsel is. As SR-lid wil ek graag bv. my eie Voorsitter kies – hy is die man met wie ek ten nouste moet saamwerk en my direk na buite verteenwoordig.



● *Op Stellenbosch verskyn daar talle publikasies wat deur studente alleen behartig word. Hoekom word daar so min gedoen om die amateur-joernaliste te skool?*

In totaal is daar seker nie meer as 200 studente jaarliks aktief betrokke by studentepublikasies nie. Hierdie groep se behoeftes is verder so wyd uiteenlopend dat algemene skoling van weinig nut is; bv. *die Matie* se opset en vereistes verskil radikaal van dié van 'n koshuispublikasie. Daarby veroorsaak bedankings op redaksies ook groot probleme. In diens opleiding moet beter benut word. Hier moet die redakteurs as uitgangspunt gebruik word om hul kennis oor te dra. Simposiums van tyd tot tyd kan ook gereël word (veral t.o.v. koshuispublikasies).

● *Word daar genoeg geld deur die administrasie bewillig vir studentepublikasies?*

Die Studenteraad maak in sy eie begroting voorsiening vir studentepublikasies. Die bedrag is voldoende.

● *In hoeverre voel u behoort die SR beheer oor die inhoud van Die Matie uit te oefen?*

Beheer oor enige publikasie is 'n noodsaaklikheid. T.o.v. *Die Matie* die volgende: 'n Perskode (soos vir enige gewone koerant) is noodsaaklik en word ook nou opgestel vir goedkeuring deur die SR. Van Redakteurs sal verwag word om hulle hieraan te hou. Klagtes kan dan by die Publikasiekomitee ingedien word wat 'n aanbeveling aan die SR sal doen. Die SR sal dan besluit of hierdie kode (wat gegrond sal wees op die beginsel van verantwoordelike joernalistiek) nagekom is of nie.

## Hannes Koegelenberg

### *Sekretaris*

● *Sal Stellenbosch onder die nuwe stelsel soos dit deur die Implementeringskomitee beoog word, 'n meer aktiewe rol in studentepolitiek (landswyd) kan speel as daar steeds geen affiliasie met ander studente liggame bestaan nie?*

*Nee.* Ek twyfel hoegenaamd nie aan die meriete van die nuwe stelsel soos deur die Implementeringskomitee beoog word nie. Ek dink ook dit kan *intern* 'n effektiewe wyse van politiek bedryf wees.

*Maar* as u praat van 'n aktiewe *rol* in die Studentepolitiek dan gaan dit vir my om 'n bydrae wat Stellenbosch tot studentepolitiek landswyd kan maak en dit kan jy net binne 'n geskikte struktuur doen waarbinne jy jou idees (al verskil hulle hoe met ander) gaan bemark.

Stellenbosch gaan, lyk dit vir my, nou lekker kry om te broei oor sy eie politieke beskouinge.


Stellenbosch moet oppas dat hy nie nou so tevrede voel met sy "nuwe stelsel" dat hy nou in die pawiljoen gaan sit en "jou", terwyl hy eerder soos 'n goeie atleet die pas kan en moet aangee nie.

● *Behoort die SR 'n organisasie soos die Babawagtersklub te behartig?*

*Ja* as dit tot diens kan wees vir die studente-unie of selfs vir doserende personeel. Laat ek dit tog duidelik stel dit word nie deur die Voorsitter of Sekretaris gehanteer nie. Die SR-kantoor dien as skakelplek waarheen meisies kan bel indien hulle beskikbaar is vir "baby-sitting". Studente (getroud), die publiek en dosente kan hiervan gebruik maak.

● *Strem die talle administratiewe verpligtinge van die SR nie grootliks effektiewe politieke optrede nie?*

*Nee.* **Ek dink dit hoef nie politieke optrede te strem nie. Baie administratiewe verpligtinge is dikwels deel van jou politieke optrede byvoorbeeld die nakom van samesprekings met besoekende ambassadeurs of die blote korrespondensie met 'n ander kampus oor 'n aangeleentheid. Ek gee toe, jou tyd word baie met administratiewe verpligtinge in beslag geneem, maar indien jy meer effektief polities wil optree, dan werk jy net bietjie harder of jy wysig jou sisteem om beter op te tree.**



● *Behoort SR vergaderings nie meer dikwels gehou te word nie?*

*Nee.* Ek is nie 'n voorstander van baie vergaderings hou nie, maar van *werk.*

## Christopher Agenbag

### *Tesourier*

● *Hoe kan die studente-unie verseker word dat SR-lede nie voordeel trek uit die toekenning van honoraria nie? Sal dit nie beter wees as elke lid net sy uitgawes van die tesourier terugeis nie?*


Die realisering van die toekenning van honoraria aan SR-lede, is die vervulling van 'n behoefte wat al baie jare bestaan. Hierdie gebruik bestaan reeds 'n geruime tyd by studenterade van ander universiteite. Die huidige Studenteraad (77/78) het die aangeleentheid goed ondersoek en in oorleg met die Administrasie 'n realistiese toekenning van honoraria aan SR-lede daargestel vir die huidige termyn en vir die toekoms. By die vasstelling van die bedrag wat toegestaan moet word, is daar deeglik rekening gehou met die gemiddelde uitgawes van 'n studenteraadslid. Die feit dat sekere portefeuljes meer onkostes te weeg sal bring, is ook in ag geneem en gekontroleer met ander studenterade.

**Die honoraria word as volg toegeken per jaar (termyn):**
**Voorsitter: R250**
**Sekretaris: R180**
**ander lede van die Uitvoerende Komitee: R160**
**res: R130 elk.**

Ek is oortuig daarvan dat geen SR-lid 'n beduidende voordeel sal trek uit die toekenning van 'n honoraria nie. My mening is dat die studente-unie hierdie toekenning van 'n honoraria onvoorwaardelik aan 'n studenteraad sal gun.

● *Watter vorm van kontrole het die SR oor die uitgawes van verenigings?*

Die kontrole van finansiële uitgawes van verenigings word veral deur die Verenigingskomitee behartig. Van verenigings word daar na elke termyn 'n geouditeerde finansiële verslag geëis, asook 'n volledige verslag van werksaamhede. Indien daar onreëlmatighede of wanbesteding van fondse bespeur word in die state van 'n betrokke vereniging word hy gepenaliseer t.o.v. sy toekenning aan 'n volgende termyn. Die Studenteraad het die finale sê in die besluite van die Verenigingskomitee.



● *Voel u dat die SR êrens kan inkort op sy jaarlikse begroting?*

Myns insiens is dit die verantwoordelikheid van 'n tesourier om toe te sien dat die fondse van die studente-unie op 'n verantwoordelike manier benut word. Tog moet 'n begroting ook nie sodanig opgestel word dat dit die funksionaliteit van betrokke aktiwiteite of portefeuljeverantwoordelikhede te veel aan bande lê nie. Ek dink nie dat daar vanjaar 'n spesifieke afdeling van die begroting is wat buitensporig oorskry is nie.

## Fanie Bergh

### *Verenings, Openbare betrekkinge, Lid van U.K.*

● *Die pasgestigde Kampusradiokomitee het tydens u termyn op die kampus begin funksioneer. Voel u nie dat dit maar later net nog een van die menige komitees gaan word wat jaarliks met taamlike moeite sy vakante poste gevul gaan kry nie?*

Bykans alle werksaamhede en bedrywighede op die kampus word deur komitees behartig en beheer. Dit is die beproefde manier wat die Studenteraad, koshuise, verenigings ens. gebruik om die student tot diens te wees. Die Kampusradiokomitee wil ook die student tot diens wees deur inligting rakende Studenteraadsbesluite en -projekte, koshuisbedrywighede, verenigingsaangeleenthede en algemene kampusnuus aan die studente-unie deur te gee. Om hierdie belangrike diens, deur die Kampusradiokomitee verrig, moontlik te maak, sal dit beslis die moeite loon om poste gevul te kry deur regte en bekwame mense.



● *Hoekom word 'n vereniging so aan bande gelê met die uitnooi van nie-blanke sprekers?*

Enige besoek van 'n spreker, blank of nie-blank, aan 'n vereniging, bring nie net die vereniging nie, maar ook die Universiteit in gedrang. En omdat daar op die huidige stadium nie net op Stellenbosch nie, maar ook in ons land versigtigheid gevra word rondom kleur en kleurverskille word 'n groot sensitiwiteit vereis by die uitnooi van 'n nie-blanke spreker op 'n blanke kampus. Die administrasie en by name die Rektor, wat ook indirek gemoeid is, is bereid om te help om so 'n sensitiwiteit te bewaar. Dit gaan dus nie om "aan bande lê" nie, maar veel eerder om bystand en hulp.

● *Het die Openbare Betrekkinge Komitee enigsins 'n bydrae gelewer om koerante in die toekoms te verbied om Stellenbosch in 'n slegte lig te stel?*

Die Openbare Betrekkingskomitee se taak is nie om koerante te verbied om in die toekoms Stellenbosch in 'n slegte lig te stel nie. Een van die komitee se take is wel om feitelike onjuiste berigte wat Stellenbosch in 'n negatiewe lig stel, reg te stel. Die komitee se optrede sal dus afhang van die inhoud van 'n spesifieke berig. Daar is dan ook 'n brief gedurende die jaar aan 'n koerant gerig om Stellenbosch se beeld en standpunt te stel na aanleiding van 'n berig in die spesifieke koerant.

## Altus Coetzee

### *Karnaval Kombis L.SS.*

● *Het u werklik daarin geslaag om binne die raamwerk van die SR "die man vir die massa" te wees?*



**Indien ek 'n gemiddelde student is met normale sienswyses sonder om 'n fanatikus te wees, sal my oortuiging ooreenstem met dié van die "massa". Deur dan op die SR te wees en my sienswyses te stel, verteenwoordig ek outomaties die "massa".**

● *Het Karnaval deesdae sy plesierige kleur ter wille van 'n ewige geldinsamelingsveldtog prysgegee?*

Die hele idee van Karnaval is om geld in te samel vir USKOR; daarmee moet egter saamgaan 'n gees van vrolikheid en samewerking. Karnaval bied steeds vir die meeste studente 'n kans om weg te breek en homself te geniet, maar nuwe moontlikhede sal in die toekoms beproef moet word.

● *Is 'n tweede televisiestel in die LSS geregverdig?*

Daar bestaan beslis 'n behoefte aan 'n tweede TV-stel in die LSS. Elke koshuis het sy eie stel, terwyl daar vir die drie PSO wyke saam slegs een was. Vernaamlik tydens sekere programme was dit bykans onmoontlik om deur al die geraas die program te volg.

# SR — Portefeulje verslae


## Pieter Le Roux

### *Sport, Kleure en Ere-Kleure*

● *Word daar in die nabye toekoms verdere uitbreidings ten opsigte van sportgeriewe beoog?*

Uitbreidings aan sportgeriewe word grotendeels beperk deur die finansiële posisie van die universiteit en Sportkomitee. Voorkeur word dus gegee aan die belangrikste en noodsaaklikste behoeftes.

Op die huidige oomblik is uitbreidings aan die gang by die departement van Liggaamlike Opvoeding, die nuwe Danie Craven rugbystadion en die ontwikkeling van die Hendrikz-terrein om verdere sportvelde beskikbaar te stel.



Na 'n versoek deur die SR vir die aanbou van meer tennis- en muurbalbane, het die Sportkomitee bevestig dat planne vir die oprigting van die bane alreeds voltooi is. Met die projekte sal begin word sodra die finansiële posisie dit regverdig.

● *Hoe sien die huidige opset rondom die Kleureksamen daar uit?*

Na aanleiding van klagtes en bedenkinge oor die funksionaliteit van die Kleureksamen, het die SR die volgende veranderings aangebring:

– 'n Klemverskuiwing van "eksamen suksesvol aflê om sodoende universiteitskleure te mag dra" na "kennis omtrent nuwe universiteit inwin om sodoende meer lojaal te staan teenoor U.S."

– Die eksamen word nog steeds op 'n kompetisiebasis afgeneem en geldpryse sal aan die wenners van die mans- en dameskoshuise onderskeidelik toegeken word.

– Om kleure te mag koop, sal dit vanaf volgende jaar vir 'n student slegs nodig wees om sy universiteitsregistrasiekaart aan die onderskeie sportwinkels te toon.

## Eitel Kruger

### *Inter-Universitêr Intervarsity*

● *Wat is u standpunt oor die ASB?*

Die ASB is 'n saak wat ons nie deur komissies of uitsprake kan wegmaak nie. Die Afrikaanse universiteite sal altyd vir ons van belang wees en hulle behoort almal aan die ASB. Solank dit so is sal Stellenbosch van die ASB moet kennis neem. As ons wil weet wat die Afrikaanse student doen, dink en watter ontwikkeling daar in hulle geledere is, moet ons na die ASB kyk. Dat hulle oor die algemeen baie meer konserwatief as Stellenbosch is, is waar. Ek wil ook byvoeg dat die atmosfeer binne die ASB vir Stellenbossers vreemd is. Ek glo egter nie dat ons daarom ons oë moet afkeer en net op ons eie kampus moet kyk nie. Ek kan dus vir u sê dat ek ten gunste van groter kontak met die ASB is. Ten spyte van hulle pogings in die verband het hulle egter nog nie met 'n beter alternatief vir ons as verenigingsaffiliasie gekom nie.

● *Sou u 'n kentering in die ASB se werksaamhede verwag nadat die meer verligte Theuns Eloff tot president verkies is?*

Die ASB-president het natuurlik 'n geweldige invloed op die bedrywighede en rigting wat die ASB inslaan. Alhoewel Theuns die persoonlike keuse van die kongres was, glo ek nie dat sy lewensbeskouing deur die meerderheid gedeel word nie. Die vise-president, Chris Fismer, het my voorgekom as 'n bekwame en realistiese persoon, maar nogtans baie konserwatief. Ek verwag dus 'n sekere spanning wat Theuns aan bande sal lê.

● *Om die twyfel op te klaar, hoe voel u oor Nusas?*

Hoe beter ek Nusas leer ken het in hierdie termyn, hoe minder het ek gehou van wat ek gesien het. Vir diegene op ons kampus wat swart sosialisme binne hulle toekomsvisie van Suid-Afrika kan akkomodeer en 'n gees kan waardeer waarin bv. die Suid-Afrikaanse weermag gesien word as geweldenaars wat optree teen onskuldiges, kan daar miskien sin vir kontak met Nusas wees. Ons moet egter onthou dat Nusas en die Engelse kampusse nie een en dieselfde ding is nie. Onlangse gebeure op alle kampusse, veral na aanleiding van Nusas se Swapo mosie, het aangetoon dat die organisasie nie die algemene gevoel vertolk nie. Ons moet daarom nie die Engelse kampusse afskryf weens die beeld wat deur Nusas uitgedra word nie. Ek kan egter nie voorsien dat die "radicals" ligtelik die beheer van Nusas uit hulle hande sal laat neem nie.

● *Watter vorme van kontak word met die Universiteit Wes-Kaapland beoog?*

Uit die aard van die saak word daar nie aan die einde van die termyn enigiets beoog nie. Moontlik word daar volgende jaar weer 'n SR op UWK ingestel. Dit is egter in elk geval seker dat hulle teen enige kontak met ons gekant sal wees. Ek het daarom in my



verslag aanbeveel dat 'n kontakprojek aangepak word. Langs die weg van informele en gesellige verkeer met verskillende mense, nie net van die UWK nie, maar ook enige ander wat ons goedgesind is en begerig is om ons beter te leer ken, kan ons ons kontak verbeter.

## Ross Naudé

### *Akademiese Skakeling*

● *Het die Studente Oorlegkomitee vanjaar enige noemenswaardige resultate getoon?*

Vanjaar het die Studente Oorlegkomitee 'n belangrike rol gespeel in dié opsig dat die behoeftes en probleme van die studente-unie, wat nie binne fakulteitskringe opgelos kon word nie, indringend bespreek en onder die aandag van die Senaat gebring is.

Die moontlikheid van addisionele vakkombinasies in die B.A.-rigting, wat Wiskunde as vak insluit, is ondersoek. Ander sake soos die aantal toetse waarvolgens semesterpunte bereken word, asook probleme in verband met hereksamens (van veral sekere Bosboustudente en finale jaar Ingenieurstudente) is onder die aandag van die Senaat gebring. 'n Verslag van die Komitee van Universiteitshoofde oor die hoë druipsyfer onder eerstejaars is ondersoek deur die universiteitsowerhede. Die kwessie van voorligting en oriëntasie van eerstejaar studente het aandag geniet; daar is besluit dat meer breedvoerige inligting ten opsigte van vakkeuse en vakinhoud nodig is, veral in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Verder is besluit dat fakulteitsverteenwoordigers nouer betrokke moet wees by die oriënteringsprogram van eerstejaars, wat betref akademiese sowel as ander fakulteits aangeleenthede.

Een saak waaraan vanjaar baie aandag gegee is, is die beskikbaarheid van voorgeskrewe boeke. Die plaaslike handelaars is genader en 'n nuwe sisteem is uiteengesit wat beter koördinasie in die voorsiening van handboeke sal meebring. Fakulteitsverteenwoor-



digers maak ook nou 'n bydrae met die keuse van voorgeskrewe boeke.

Op administratiewe gebied is die registrasieprosedure hersien en die akademiese kalender van 1979 is gewysig. Dit sal onder andere meebring dat die kortvakansie in September weer tien dae lank sal wees.

● *Hoekom het dit drie SR-termyne geneem om effektiewe akademiese skakeling te bewerkstellig?*

Drie jaar gelede het daar feitlik geen vorm van akademiese skakeling bestaan nie. Daar is toe hard gewerk om 'n Interfakultêre komitee vir Akademiese Skakeling saam te stel uit studenteverteenwoordigers van die verskillende fakulteite. Die volgende termyn is die Studente Oorlegkomitee in die lewe geroep en gemeenskaplike behoeftes en probleme kon verder gevoer word na die Senaat. Tyd is egter nog in beslag geneem deur vergaderings waartydens die werksaamhede en werksgebied van die komitee uitgespel moes word. In die fakulteit Lettere en Wysbegeerte moes die lid 'n stelsel van klasverteenwoordigers op die been bring en ook 'n skakelkomitee tussen die verskillende departemente.

Vanjaar kon die skakelingsmeganisme voortgaan op die patroon en effektiewe skakeling is verkry deurdat die fakulteitsverteenwoordigers gereëld vooraf vergader het om agendapunte van Studente Oorlegkomitee vergaderings te bespreek.

Dit het dus heelwat tyd geneem om almal bewus te maak van die skakelingsmeganisme. Verder was daar ook nie altyd kontinuïteit in die verskillende fakulteite nie, maar dié probleme is darem nou uitgestryk.

## Christa Benade

### *Onthale Sangfees*

● *Skep dit nie probleme vir 'n mediese student, soos u, om op die SR te dien terwyl u ver wag van die kampusbedrywighede is nie?*

Dit skep wel probleme – die grootste sekerlik afstand en tyd. Dit is egter nie onoorkomelik nie.

Die onvermoë om soos ander SR-



lede voortdurend op Stellenbosch te wees en gebondenheid aan praktiese dienstye, beperk deelname aan alle byeenkomste op Stellenbosch. Dit gee noodwendig aanleiding tot minder kontak met die verwikkelinge en studente-unie op die kampus.

In die afgelope termyn is die SR se werksaamhede hoofsaaklik binne portefeuljes voltrek. Daar word effektiwiteit wel bemoeilik, maar nie onmoontlik gemaak nie. 'n Portefeulje soos Uskor en Bloeddiens leen hom byvoorbeeld wel daartoe om met minder moeite vanaf Tygerberg hanteer te word.

'n Leemte wat ek persoonlik in die afgelope termyn ondervind het, was die gebrek aan gemeenskaplike gerigtheid en optrede van die SR. Werksaamhede het selde die bakens van portefeuljes oorskry. Weer eens moes die verwydering van Stellenbosch hierin 'n bydrae gehad het, maar dat dit 'n probleem in die struktuur van die SR tot op hede was, laat by my geen twyfel nie.

● *Dink u nie dat u bedanking uit die SR vroeër vanjaar ietwat oorhaastig was nie?*

Geensins. Ek het bedank omdat daar op daardie stadium geen ander uitweg was om die beginsel van kreatiewe optrede binne en buite portefeuljes voorop te stel nie. Ten spyte van die mosie wat kort daarna deur die SR aangeneem is, sou alle verdere optrede van die SR onderhewig wees aan die uitslag van die monstervergadering en nie aan my of enige van die ander drie lede se bydrae nie.

● *Het die werksaamhede van die SR na die monstervergadering u tot so 'n mate tevrede gestel dat u sogenaamde terugkeer die moeite werd was?*

Daar was vir die SR na die monstervergadering nie meer geleentheid om prakties uitvoering te gee aan die studente-unie se opdrag nie. Ek is tevrede dat daar deur middel van die Implementeringskomitee inhoud gegee is aan 'n struktuurverandering wat politieke en ander kreatiwiteit in die toekoms werklikheid kan maak.

Verhoudinge is verder vertroebel deurdat alle lede wat bedank het, nie outomaties op die Implementeringskomitee gekoöpteer is nie. Daar was egter wel 'n kennisgewing in *Die Matie* gerig aan alle belangstellendes en die skuld lê dus nie net by een party nie.

Die basiese motivering vir my bedanking het na die monstervergadering verval, daarom het ek my vry gevoel om terug te keer of "sogenaamd terug te keer". Die waarde van my terugkeer sal ek aan die einde van my portefeulje se werksaamhede kan bepaal wanneer ek finaal verslag lewer en aanbevelings maak oor Sangfees, Onthale en Damesbelange.

## Ilse Treurnicht

### *U.S. Gesprek*

● *Dink u dat U.S. Gesprek vanjaar meer suksesvol was as tevore?*

Baie beslis en wel vir die volgende drie redes:

(i) Baie meer aandseminare sowel as naweekbyeenkomste is gedurende hierdie termyn aangebied. Tydens elk van hierdie byeenkomste is die maksimum aantal studente geakkommodeer.

(ii) Die byeenkomste is egter nie net goed bygewoon nie, maar ook is die spektrum van studente wat betrek is, grootliks uitgebrei. Dit geld vir die terreine van senioriteit, kursusverskeidenheid sowel as standpuntverskille. Die groepe was deurgaans besonder gebalanseerd.

(iii) U.S. Gesprek het nou reeds só 'n aansien en status na buite verwerf, dat geen probleme meer ondervind word om sprekers met vol programme by aandseminare te betrek nie.

● *Het U.S. Gesprek vanjaar 'n balans gehou met die keuses van onderwerpe sowel as sprekers wat genooi is?*

Na die mening van die Beheerkomitee wel. Die volgende dien onder andere as voorbeelde:

Interne aangeleenthede:
Die onderrigmetodes aan die universiteit.
Die rol van die Universiteit van Stellenbosch in die proses van politieke verandering in Suid-Afrika.
Suiwer politieke aangeleenthede:
Ekonomiese posisie van die stedelike swartman.
Voorwaardes vir oorlewing.
Die grondwetvoorstelle.
Veiligheidswetgewing.
Ontwikkelingsproblematiek in Bophuthatswana.
Meer algemene temas:
Het die Kerk en verwante Christelike organisasies nog enige impak op die kampus?
Die moderne jongmens en die huwelik.

Sprekers soos Prof. R.E. van der Ross, die Rektor, Mnr. Chris Heunis, dr. Zach de Beer en Min. Piet Koornhof het onder andere seminare toegespreek.



● *Wat is die doel met U.S. Gesprek se nuwe blaadjie Dispuut en wie word daardeur bereik?*

Die doel van *Dispuut* is tweedelig: Dit wil eerstens dekking gee aan die werksaamhede van U.S. Gesprek en tweedens artikels oor aktuele aangeleenthede op 'n wyer basis sirkuleer. *Dispuut* wil alle persone wat in bogenoemde belangstel, bereik.

● *Loop U.S. Gesprek nie die gevaar om probleme met die universiteitsowerheid op te tel met die uitnodiging van sekere sprekers nie?*

Volgens ons ervaring tot dusver bestaan die gevaar nie. Dit is nie die beleid van die U.S. Gesprek Beheerkomitee om doelbewus onnodig ekstremistiese sprekers te nooi nie. Temas word beoordeel op grond van hul aktualiteit en sprekers op grond van hul besondere vermoëns. U.S. Gesprek verwag egter nie om in hierdie verband enigsins anders behandel te word as ander kampusverenigings nie.

## Nic Fine

### *Studentebelange*

● *Wat beskou u as die hoogtepunte van die Studentebelangekomitee se aktiwiteite? Op watter probleme het hulle gekonsentreer?*

Die termyn het op 'n hoë noot begin met die verskyning van die Matiedagboek. Daar was die afgelope jare 'n behoefte aan 'n kernagtige inligtingstuk vir alle studente. Dit het nou binne een jaar gegroei tot 'n volwaardige jaarlikse

# SR — Portefeulje verslae

publikasie van die universiteit.

Die klaagkas, langs die posbusse by die LSS, vervul ook 'n belangrike funksie. Dit werk so: Jy gooi jou klagte in; mnr. X maak oop, lees en sien dat die klagte na die verantwoordelike SR-lid toe gaan. Die volgende stap is die publisering van die relevante klagtes in *Die Matie* met die 'minister' se antwoord of reaksie daarby. As niks gedoen word om u probleem op te los nie, vra u vir 'n monstervergadering (bv. oor die probleem van die stomp messe en taai vleis in die LSS).

'n Studentebelangekennisgewingbord is in die LSS langs die TV opgesit. Die doel hiervan is om elke persoonlike studente kennisgewing op te plak. In plaas daarvan om klein papiertjies oral rondom die kampus te versprei, weet almal dat hulle net op een plek kan soek.



Hierdie is net voorbeelde van praktiese goed wat wel bereik is in die termyn. By die groter projekte wat nog besig is om te ontwikkel, was daar ook goeie vordering gemaak. Aandag word op die oomblik gegee aan die oriënteringsweek, die moontlikheid van 'n tweedehandse boekwinkel op die kampus, asook die hele situasie rondom die beskikbaarheid en pryse van akademiese boeke ('n moeilike projek), P.S.O.-losies (kontrole en koördinering), Studentetoere en reise (oorsese werksgeleenthede) en studentefinansies (prysvergelyking). 'n Taamlike wye spektrum is gedek. Duisende kleiner projekte is ook aangepak. Vir 'n volledige uiteensetting moet belangstellendes die SBK se jaarverslag bestudeer.

• *Het u in die belang van die studente opgetree deur uit die SR te bedank?*

Toe ek uit die SR bedank het, het ek dit baie duidelik in my bedankingsbrief gestel dat ek volkome bereid is om aan te gaan met my administratiewe en kreatiewe werk binne my portefeulje. Sover dit dienslewering en verpligtinge aangaan, het ek glad nie die studente-unie in die steek gelaat nie; dit geld ook vir die ander drie lede wat oorspronklik bedank het.

Die studente wat verlede jaar tydens die verkiesing vir my gestem het, mag wel sê dat hulle hul stem verloor het deur my (of ons) bedanking. Dit was 'n moeilike en ernstige besluit, maar ek beskou dit as 'n soort protes teen die huidige passiwiteit en apatie wat ons leiers in die SR kenmerk. Ek het besluit dat dit die grootste bydrae is wat ek kon maak. Ek hoop dat dit gehelp het om die probleme rondom die gehalte, relevansie en gebrek aan dinamiese leiding van die SR op hierdie stadium op te los.

Nog 'n hoogtepunt van die termyn was die inisiatief en leierskappotensiaal van die Junior Breëbestuur. Met hulle besprekingsgroepe, lentedagprojek en USKOR-hulp, lewer hulle 'n uitstekende bydrae tot die kampusbedrywighede.

## Carel Jooste

### *Bloeddiens*
### *USKOR*
### *F.A.K.*

• *Wat word daarmee bedoel as gesê word dat die SR-lid belas met USKOR, nie slegs sy "toesighoudende" funksies vervul nie?*

Vantevore moes die lid gewoonlik net spook om op datum te bly met elke klein verwikkelinkie; hy kon egter niks met al die informasie doen nie. Tydens die afgelope termyn het die SR-lid se funksie meer aktief van aard geword. Voortaan sal hy dus, benewens sy sitting op die bestuurskomitee, ook voorsitter wees van die Reklame- en inligtingskomitee, wat hy na willekeur saamstel.

• *Dit gebeur dikwels dat persone meer wil weet van USKOR voordat hulle bereid is om enige bydrae te maak. Wat word gedoen om hierdie liefdadigheidsorganisasie se beeld na buite te verbeter?*

Die Reklame- en inligtingskomitee het hulle voelers begin uitsteek om USKOR se werksaamhede wyer bekend te maak. Daar is egter verskeie projekte wat reeds aangepak is en nog van stapel gestuur sal word.

– Elke maand sal 'n nuusbrief uitgestuur word aan die onderskeie huiskomiteelede (elke H.K. sal voortaan 'n lid hê wat met USKOR gemoeid is) asook die A.C.S.V. wat tans nou met ons saamwerk. Hierdie nuusbrief sal dan die mannekragbenodigdhede bekend maak.

– Een van die lede van die komitee sal ook verantwoordelik wees vir die insameling van alle uitstalmateriaal. Verder sal hy dan ook geleenthede moet skep en soek om die uitstallings moontlik te maak.

– 'n Fotobank is ook in die lewe geroep. Die relevante foto's word dan geliaseer; een persoon sal beheer hê oor die gebruik daarvan.

– Standaardplakkate is gedruk.

– 'n Wedstryd om slagspreuke vir USKOR te kry sal moontlik in die nabye toekoms uitgeskryf word.

– 'n Uniforme inligtingsblad word ook in die vooruitsig gestel.

– 'n Kennisgewingbord by die LSS is verkry; dit sal gebruik word vir semi-permanente foto-uitstallings.



– Artikels verskyn ook op 'n gereëlde basis in *Die Matie* om belangstellendes te prikkel.

## SENDINGWEEK



*Sendingweek is weer eens 'n hoogtepunt in die jaarlikse kampusbedrywighede. Dit is die eerste keer dat die uitstalling in die Gat by die LSS plaasvind. Verskeie ander aktiwiteite is ook gereël om studente te betrek.*


GET FRUITY WITH JUICY LUCY.

Juicy Lucy now at the Kentucky Fried Chicken store in Stellenbosch. Serving freshly squeezed 100% pure fruit juices. Juicy Lucy and The Colonel have got together to give you the finest fast food service in town. 100% pure fruit juice plus finger lickin' good Kentucky Fried Chicken, Colonel Burgers, chips, salads and desserts.

FRESH PURE FRUIT JUICE
JUICY LUCY
it's the real thing

TAKE A JUICE TRIP TODAY.

KENTUCKY FRIED CHICKEN,
Trust Bank Centre, Stellenbosch.
Telephone: 6174.

Campbell-Ewald 1243



'N ALLIED-SPAARREKENING IS NIE NET VIR SPAAR NIE!

'n Gewone Allied-Spaarrekening is eintlik 'n "Geriefrekening" want u geniet hierdie 10 gerieflike voordele:



1. **Gerieflike onttrekkings** — by enige tak of agentskap, na geskikte identifikasie.
2. **Gerieflike trekfasiliteite op vakansie** — daar is 'n Allied-tak naby u, waar u ook al in die land rondreis.
3. **Gerieflike oorplasings** — maandelikse betalings van subskripsie-aandele of huisverbande kan gereël word.
4. **Gerieflike, gesamentlike rekenings** — egpare kan 'n rekening gesamentlik of afsonderlik gebruik.
5. **Gerieflike diens aan dames** — al is u in gemeenskap van goedere getroud, kan u 'n rekening sonder u man se magtiging open.
6. **Gerieflike rekening vir minderjariges** — almal ouer as 16 kan 'n rekening open en gebruik sonder magtiging van hul ouers of 'n voog.
7. **Gerieflike inbetaling van salaris** — vra u werkgewer om u salaris regstreeks in u spaarrekening in te betaal.
8. **Gerieflike kostebesparing** — geen grootboekgelde of ander koste nie.
9. **Gerieflike spaarboekie** — u weet altyd presies hoeveel u in u rekening het.
10. **Gerieflike manier om te begin spaar.** U kan met slegs R1 begin. Die maksimum perk vir 'n spaarrekening is **R25 000.**


Besoek binnekort enige Allied-tak en benut al die geriewe van 'n spaarrekening by ons.

ALLIED
die bouvereniging naaste aan u.

Bates oorskry R1 400 000 000

# MATIE SPORTMAN EN-VROU VAN DIE JAAR

## Garth Le Roux



1. Gedurende die 1977/78 seisoen het Garth 52 paaltjies in die Curriebeker-kompetisie geneem. Dit is die meeste paaltjies deur 'n bouler geneem gedurende daardie seisoen. Dit is ook 'n W.P.-rekord.
2. Garth het pas teruggekeer van Brittanje waar hy saam met Tony Greig vir Sussex gespeel het. Hy het vir Sussex se eerste elftal teen die toerspan van Nieu-Zeeland gespeel.


## *DAVID REID-ROSS*



1. In 1977 haal hy die volgende spanne as doelwagter, Westelike Provinsie O/21, Suid-Afrika O/21 en die Suid-Afrikaanse Universiteite.
2. In 1978 haal hy die volgende spanne alhoewel hy steeds O/21 is: Westelike Provinsie, Suid-Afrikaanse Universiteite en hy kry ook sy Springbokkleure.

## *Heidi de Kock*

*1. Heidi het in die 1977/78 seisoen begin met 'n goeie poging van 1,81 m.*
*2. In Bloemfontein op die Dalrymple-byeenkoms het sy 1,85 m gehaal.*
*3. Sy is opgeneem in die Springbokspan.*




DIE KOMPETISIE WORD GEBORG DEUR OHLSSON SE KAAPSE BROUERYE

**Die tydbeproefde smaak**



**Castle Lager**
**Die slag van die brouer is dáár in die smaak**
VZ77/6631/A5


## *INSKRYWINGSVORM*

REËLS

- DIE eerste drie persone wat die Sportmanne en -vrou reg voorspel deel die prys van R100 as volg: eerste R50, tweede R30 en derde R20.
- AL wat u moet doen is om die sportmanne en -vroue in volgorde van u eie keuse te rangskik.
- INSKRYWINGS moet ons bereik voor 12h00 op 18 Augustus 1978 (aanstaande Vrydag). Inskrywingsvorms moet by *Die Matie*-posbus (No. 20 in die LSS) ingehandig word.
- DIE wenners sal in kennis gestel word en ook in *Die Matie* aangekondig word.
- DIE beslissing van die beoordelaars is finaal en geen korrespondensie sal gevoer word nie.

| MANS | DAMES |
|---|---|
| 1 | 1 |
| 2 | 2 |
| 3 | 3 |
| 4 | 4 |
| 5 | 5 |

NAAM: ..........................................................
ADRES: ..........................................................
..........................................................

## JULIAN MARSAY



1. Hy was een van die lede van die 24-uur-aflosspan wat die wêreldrekord geslaan het.
2. Saam met Andries Krogmann wen hy die eerste paar Westelike Provinsie veldlope.
3. Hy is ook die huidige Suid-Afrikaanse Universiteite veldloopkampioen.
4. Gedurende die Maties se oorsese toer slaan hy die Suid-Afrikaanse rekord in die 3 000m hindernis. Hy verbeter die ou rekord met meer as 8 sekondes tot 8:22:63.

## CLIVE DALE



Hy stel die pas afgelope seisoen die vinnigste tyd oor die 1 500m op. Sy tyd was 3:39:3. Hierdie tyd was ook goed genoeg om hom Springbokkleure te besorg. Hy het ook saam met die Maties hul oorsese toer onderneem.

## *Rennee Rose-Innes*

1. Gedurende 1977 haal sy die Westelike Provinsie en die Suid-Afrikaanse B-span.
2. Gedurende 1978 voer sy die Westelike Provinsie, asook die Suid-Afrikaanse B-span, aan.




## *TRUDIE BOTHA*



1. Trudie, wat reeds in 1974 vir die eerste keer Springbok geword het, is in Februarie vanjaar weer tot die Springbokspan verkies. Dit is vir varswaterlewensredding.
2. By die SA-kampioenskappe het sy die wêreldrekord in kopdra-redding geëwenaar.
3. Sy was in Julie lid van die SA-span na Oostenryk.
4. By die internasionale byeenkoms in Oostenryk, het sy die wêreldrekord in die 25m kopdra geslaan. Sy is ook as die beste individuele deelnemer by die byeenkoms aangewys.

## *Eduard Le Roux*

1977 – Bergrivier Marathon: 3de posisie.
– SA K2 Marathon: 2de posisie (saam met Frans du Toit).
1978 – W.P. 500m en 1 000m K1: 2de posisie.
– W.P. Wedvaart op see (Simonstad): Wenner.
– SA K1 Marathon: 3de posisie.
– SA Universiteite K1: Wenner.
– Bergrivier Marathon: 3de posisie.
– Lid van die 1978 Springbokspan wat na Europa sou gaan.



## Dirkie Badenhorst

1. Aangewys as die beste speler op die 1978 SA kampioenskappe.
2. Gekies as lid van die SA Kay Meyer Toerspan (onoffisiële Springbokspan).
3. Daar is bv. talle atlete, swemmers, ens., in die land vandag wat Afrika- en ander rekords hou, wat maklik meetbaar is. Om egter in 'n *spanspel* soos netbal, uitgesonder te word as die beste in die RSA, is voorwaar 'n uitstaande prestasie.
4. Die RSA Sport Meriete-toekenning vir Netbal, wat mej Badenhorst in 1979 sal ontvang, sal 'n welverdiende erkenning wees vir haar uitstaande spel.



## Lynn Hugo

LYNN Hugo het gedurende die afgelope jaar geweldig opgang gemaak in skerm. Sy het maar in Maart 1977 begin skerm en gedurende Julie 1977 het sy die halfeindronde van die dames degen bereik en ook die derde plek in dames sabel behaal by die S.A.U. toernooi. Sy was gedurende die toernooi lid van die onoorwonne mans epee-span – die eerste en enigste vrou wat lid was van 'n mansspan. Sy het die beker ontvang vir die persoon wat die meeste in skerm gevorder het.

Gedurende 1978 het sy die halfeindronde gehaal in beide die Westelike Provinsie en ook die Suid-Afrikaanse kampioenskappe. Op die S.A.U.-toernooi het sy die eerste plek behaal in die dames epee en dames sabel en ook tweede plek in die dames degen. Na die toernooi het sy die toekenning ontvang vir die mees uitstaande deelnemer. Sy is ook gekies as lid van die Protea-span wat aan die einde van die jaar Europa gaan besoek.



*GEBORG DEUR OHLSSON SE KAAPSE BROUERYE*

# HANDELSWEEK: S.A. HET PROBLEME

'n UITERS geslaagde handelsweek is vanaf 28 Julie tot 4 Augustus deur die Vereniging van Ekonomie en Handel op Stellenbosch aangebied. Hierdie week is deur verskeie hoogtepunte gekenmerk, waaronder 'n dans, die kroning van mej. Handel en verskeie simposia. 'n Simposium is op Maandagaand, 31 Julie in die Nedbanksaal gehou met die tema – die begrensing van die Suid-Afrikaanse ekonomie deur die betalingsbalans. Professor J.L. Sadie het as inleier opgetree.

Dokter Johan Cloete, voormalige verteenwoordiger by die IMF het as eerste spreker opgetree. Spreker het veral groot klem op uitvoer laat val. Hy het die belangrikheid beklemtoon dat fabrieke nie mateloos moet uitbrei nie. Volgens dokter Cloete is dit eers dat sodra die fabrieke effens groter gemaak word as wat die plaaslike mark kan akkommodeer dat jy jouself forseer om prioriteit te skenk aan uitvoere. Volgens spreker is dit eers wanneer dit gebeur dat die swartman in 'n kleiner mate werkloos sal wees. Werk sal dan immers vryelik beskikbaar wees. Dokter Cloete is van mening dat mens nie na 'n internasionale handelstentoonstelling gaan om die Suid-Afrikaanse vlag te demonstreer nie. Hy voel eerder dat individuele nyweraars wat na die buiteland gaan om hul produkte te adverteer ondersteun moet word. Hy het die gehoor meegedeel dat die gevaar nie genoeg beklemtoon kan word dat die Republiek moet waak om nie te veel op enkele produkte soos goud en diamante te konsentreer nie.

### BUITELANDSE KAPITAAL

Dokter Piet Kieser, bestuurder van Safts, het spesifiek aandag gegee aan ons lopende rekening en die probleme wat met ons uitvoerpogings ondervind word. Hy het vervolg deur te sê dat dit van die allergrootste belang is dat ons steeds kapitaal van die buiteland sal ontvang. Hierdie buitelandse kapitaalinvloei het noemenswaardig afgeneem die afgelope tyd. Die vertroue van die buitelandse beleggers het noemenswaardig afgeneem en moet spoedig teruggewen word. Volgens dokter Kieser is dit belangrik dat Suid-Afrikaners meer spaar, sodat die land in 'n groter mate onafhanklik kan word van buitelandse kapitaal. Buitelandse kapitaalinvloei is syns insiens belangrik vir enige ontwikkelende land en die tekort in ons lopende rekening van die betalingsbalans moet deur buitelandse valuta gefinansier word.

### RESERWES DAAL

Volgens spreker het nuwe faktore in werking getree wat ons reserwes aansienlik uitgeput het. Die olieprys het verviervoudig en verdedigingsuitgawes het aansienlik gestyg. Dokter Kieser het gesê dat verskeie oplossings vir hierdie probleem aan die hand gedoen kan word. Vir hom is dit egter voor die handliggend dat 'n verdere devaluasie van die rand op hierdie stadium beslis nie bevorderlik sal wees vir die Suid-Afrikaanse ekonomie nie.



Die fraaie Mej. Handel, Marguerite de Kock, hier saam met die Dekaan van die Fakulteit van Handel en Administrasie, prof. Schumann en mev. Schumann, afgeneem tydens haar kroning verlede week op die Handelsdans. Slegte nuus is dat sy baie vas uitgaan.

# *ASB EN TURNHALLE ONDER BESPREKING*

"BY ons sal 'n nasionale konvensie lei tot 'n botsing tussen wit sekerhede en swart verwagtings", het sen. Dennis Worrall Vrydagaand, 28 Mei op 'n A.S.V.S.-konferensie was, "Is 'n 'Turnhalle' die oplossing vir S.A.? " Die ander spreker was Dr. Zach de Beer wat die Saterdagoggend die bespreking ingelei het. Die Vrydagmiddag het mnr. Chris Heymans, Matie-redakteur, en mnr. Piet Marais, oud-Kovsie S.R.-lid, oor U.S. se houding teenoor die A.S.B. gepraat.

In die bespreking oor die A.S.B., het Chris Heymans gesê dat ons nie 'n plig teenoor die A.S.B. het nie; as 'n mens met nie-blankes praat, lyk dit asof dit eerder ons plig is om daar uit te bly! Stellenbosch het eerder 'n behoefte aan dinamiese leiers wat hul kontak-geleenthede benut as aan 'n stadig-bewegende organisasie soos die A.S.B. Volgens Piet Marais het Stellenbosch se onverbondenheid hom dusver weinig in die sak gebring. "Verdere isolasie dien geen doel nie".

Hy het verder daarop bewys dat S.A. baie sterk aandag aan internasionale verhoudinge sal moet skenk. Die swart Amerikaner identifiseer hom met die swartman in S.A. en plaas hulle regering geweldig onder druk. Ons sal moet verstaan dat hulle die situasie anders sien as ons. Die onlangse onluste het aan hulle getoon dat ons stelsel nie regverdig is nie, die swartman nie tevrede is nie, en die regering die situasie nie onder beheer het nie. Die V.S.A. is oortuig dat S.A. nie sal verander sonder druk nie. Volgens hulle het die sagte benadering S.A. slegs meer vasberade gemaak.

Dit alles het tot gevolg dat die buiteland slegs beleggings en veranderings sal steun wat deur swart Suid-Afrikaners gesteun word. **Hulle eis nie 'n bedeling van een mens een stem nie,** maar wel een wat almal tevrede sal stel. Tensy S.A. die buiteland kan voorspring met gesprek en die verbetering van internasionale verhoudinge, sal ons situasie, net soos die van Rhodesië en S.W.A. geïnternasionaliseer word.

Wat volgens sen. Worral nodig is, is slegs 'n uitspelling van ons huidige beleid. Die onduidelikheid omtrent die nuwe voorstelle maak dit vir baie onaanvaarbaar.

### TOESTAND VERSLEG

Volgens Dr. Zach de Beer kan S.A. se posisie binne die volgende vyf tot tien jaar aansienlik versleg. Daarom sal al S.A. bevolkingsgroepe moet saamstaan. Almal sal moet kan deel hê aan die bepaling van ons toekoms. Daarom is 'n nasionale konvensie op hierdie stadium onontbeerlik.

### SEGGENSKAP

Sen. Worrall het gesê die witman het 'n seggenskap in die behoud van sy identiteit en in die bepaling van sy bestemming. Dit sou verkeerd wees om dit alles op 'n nasionale konfensie "for grabs" te laat gaan. Ons sal eers 'n realistiese raming moet opstel van wat ons kan weggee en wat nie.



*DIE dae van "gesels" in motors langs die Laan is oor. Die stadsraad het nou versperrings aangebring. 'n Nuwe wandelpad word nou hierlangs beoog.*

# ETIESE KODE VIR DIE MATIE

**DIE etiese kode vir *Die Matie* waarop vroeër vanjaar deur die publikasiekomitee besluit is, is verlede week deur die SR aanvaar. Die huidige hoofredakteur, Chris Heymans, sy voorganger Etienne van Heerden en die huidige assistent-hoofredakteur, Louis Heyneman, was daarvoor verantwoordelik. Hier verskyn die volledige kode:**

**1. Die vryheid van die pers is onafskeidbaar van en onderhewig aan dieselfde regs- en morele beperkings as dié van die individu en berus op die publiek se fundamentele reg om ingelig te word. In die lig hiervan, behoort *Die Matie* alle nuus getrou, korrek en sover as moontlik, objektief weer te gee oor sake op die kampus, die inter-universitêre toneel en ander nuuswaardighede. Verder impliseer dit dat kommentaar of kritiek billik en eerlik behoort te wees.**

2. *Nuus:*

2.1 Dit is die prerogatief van die hoofredakteur om oor die nuuswaardigheid van gebeure te besluit, met dien verstande dat hy ingevolge die reglemente verplig is om enige geskrewe stuk wat deur 'n SR-lid aan hom voorgelê is wat oor die aktiwiteite van die Raad handel, te plaas.

2.2.1 Nuus moet in die juiste verband en gebalansseerd aangebied word en vry van verdraaiing, oordrywing, wanvoorstelling of wesenlike weglatings wees.

2.2.2 Daar word van alle partye verwag om in gedagte te hou dat bostaande reël ruimte laat vir 'n wye interpretasie.

2.3 Indien dit prakties moontlik is, word verwag dat berigte voor publikasie deeglik gekontroleer sal word, ten einde die juisthede daarvan te verseker.

2.4 Waar dit agterna sou blyk dat onjuiste feite weergegee is, moet dit in 'n volgende uitgawe sonder versuim en prominent reggestel word.

3. *Kommentaar:*

3.1 Kommentaar moet eerlik en billik wees en berus op die evaluasie van 'n betrokke situasie deur die hoofredakteur.

3.2 Dit is die voorreg van die hoofredakteur om sy standpunte bekend te stel, maar daar moet voldoende ruimte gelaat word (verkieslik in meer as die briewekolomme) om verskillende standpunte te kon stel.

3.3 *Die Matie* mag dus nie misbruik word nie, alhoewel dit net logies is dat sekere groepe of individue op die kampus soms te na gekom sal voel, maar ondervinding het geleer dat dit dikwels die geval is wanneer sodanige groepe of individue tereggewys is, en dat hulle in hul reaksie nie die eerlikheid en billikheid van kritiek raaksien nie. Besondere diskresie word dus verwag wanner *Die Matie* se optrede in dié verband beoordeel moet word.

3.4 Wanneer kommentaar gelewer word, moet dit só aangedui word en, met die uitsondering van die hoofartikel, word verwag dat die skrywer se naam by 'n subjektiewe berig geplaas sal word.

3.5 Enige kommentaar wat gelewer word, moet aangebied word met deeglike inagname van alle relevante feite en waarna redelik verwys word.

3.6 Die "waghond-funksie" van *Die Matie* ten opsigte van die S.R. en die studente-unie, moet gerespekteer word.

4. *Opskrifte:*

Opskrigte en foto-byskrifte moet 'n redelike aanduiding van die inhoud van die betrokke berig of foto gee.

5. *Die goeie sedes:*

5.1 *Die Matie* aanvaar die Christelike norme, soos afgelei uit

*(vervolg op bl. 18)*

# *Republiek word mondig*

HELDERBERG hou vanjaar republiekfees van 14 tot 20 Augustus. Dit is 'n geleentheid wat elke jaar die hele kampus raak, aangesien 'n groot aantal koshuise betrokke is by die interkoshuis veerpyltjie- en damesrugbykompetisies.

Lg. kompetisie is by uitnemendheid iets vir toeskouers, aangesien die dametjies dikwels verras met hulle netjiese en soms ook met hulle ruwe spel. Uitdunne vind Maandag 14 en Woensdag 17 Augustus om 16h30 plaas op Paul Roos Laerskool se velde. Net na die eindstryd op Vrydag 8 Augustus op Coetzenburg se A-veld, tree Stellenbosch se drompoppies op voordat Helderberg en Mabré se eerste spanne mekaar pak. Die veerpyltjiekompetisie word Maandag, Dinsdag en Donderdag om 21h00 by Helderberg beslis.

Vir die inwoners van die koshuis sal die hele week baie druk wees. 'n Inter-ingang kompetisie word beslis deur deelname aan sulke uiteenlopende aktiwiteite soos landloop, sewemanrugby, gholf, pyprook, tafeltennis, armdruk, vlugbal, hokkie, toutrek en fietsry. 'n Klein motortjie wat tans bo die tweede ingang staan, dien as wisseltrofee.

### SOLDATE

Helderberg is een van die oudste manskoshuise op die Akker. Dit is in 1945 na die Tweede Wêreldoorlog gehou o terugkerende soldate wat getroud was maar wou kom studeer, te huisves. In 1957 stig die inwoners 'n onafhanklike republiek met eie president, kabinet en vlag. Aangesien die republiek vanjaar mondig is, sal oud-Helderbergers van oor die hele land gedurende die naweek van 18 tot 20 Augustus by Helderberg saamtrek vir 'n reünie. Hulle sal deel hê aan sport, 'n kaas en wyn party, en 'n huisvergadering. Saterdag kom 'n wyntoer, vleisbraai en 'n huisdans aan die beurt terwyl die reünie Sondag afgesluit word met 'n erediens in die N.G. Moederkerk.

# perspektiewe en dinge

IN die hartjie van die kultuurstad, Stellenbosch, sit 'n lot ape van die plaas af. Maniere het hul nie en 'styl' is vir die voëls. Hulle dink en doen net wat hulle wil en sê en maak asof barbare hul eie bloedneefs is. Goeie maniere, goeie smaak en ander beskawingseienskappe is blykbaar uit.

Om al hierdie dinge hardop te sê, is om moeilikheid te soek – 'n Matie is mos onaantasbaar. Maar ons TV-kykgewoontes laat die aap uit die mou. Dié gewoontes het 'n geweldige metamorose in die afgelope paar jaar ondergaan.

Aanvanklik het ons almal die kennis en kultuur ingedrink en die plesier en ontspanning as 'n bonus geleen.

Dié situasie het egter baie verander. 'n Klein groepie kyk nog gereeld na Sondagaand se klassieke musiekprogramme. 'n Paar uitgelese snobs sorg dat hul elke drama wat daar te sien is te sien kry en die sport-*fanatics* sit spits by elke sportuitsending (of dit nou tafeltennis of rolbal is) terwyl die heersers van môre saans tien-oor-agt 'n leesbril op sit om met 'n frons die nuus aan te hoor. Die werklike "belangrikes" (die sogenaamde studenteleiers) is natuurlik te besig met hul buitemuurse aktiwiteite om hul tyd te mors met televisie! Vergeet maar van die snobs wat verhewe bo televisie is!

En die "plebs"? Waarna kyk hulle? 'n Mens sien dit in die Neelsie – in die koshuis – nét waar daar 'n TV-stel staan. Hulle sit in hul hordes geskaar om programme soos *Heidi* en *The Villagers* te sien. Die SAUK is mos net verantwoordelik vir daardie ekstra

**louis heyneman**

stukkies plesier. Al die opvoedingswerk, kultuur en wysheid het ons vanselfsprekend in pag.

Daar kan 'n paar redes wees: Ons het te gewoond geraak aan die TV; of ons is te lui om iets nuuts in te neem. Ons ly aan 'n algehele traak-my-nie-agtigheid wat stadig maar seker besig is om ons te verdoof. Miskien het 'n student net nie meer die tyd om sorgloos te gaan sit en ontspan nie.

Barbaar, kultuurhater, kultuursnob of wat ook al – almal is egter "social climbers". Dit lyk my dís hoekom ons Stellenbosch toe gekom het en vir geen ander rede nie! Sommige bespreek plek vir musiekuitvoerings en drama-opvoerings net om deur die elite 'gesien' te word.

En in ons binnekamers? Wat lees die *gemiddelde* student? Dis nou behalwe *Peanuts* en *Walter die Wonderman* in *Die Burger*, die *Tonight* in die *Argus* of "Keurbetrekkings" in die *Rapport*.

Die waarheid is dat ons nie eintlik léés nie. Die gemiddelde Matie *lees* nie, *luister* nie, *kyk* nie – wat doen die klomp barbare dan? Hulle praat. Dít doen almal graag. Hulle sê 'n hoop onsin en stry in 'n akademiese haas onverstaanbare taal. Alles draai eintlik net om hul eie vernuftigheid. Beterweterig kritiseer hulle alles en almal denkbaar. Hoe minder hulle van iets weet, des te makliker kritiseer hulle.

### REGTER SNYMAN

Die hele ding van Regter Lammie Snyman het nou weer 'n ou bakleiery afgegee en almal trap op almal se tone. Daar word gesê hy moes nooit genooi gewees het nie – ander sê hy het die N.P. van Wyk Louw-gedenklesing misbruik en so aan. Die wankelende hangbrug oor die sogenaamde kloof tussen skrywer en volk word bestyg en elkeen dink sy raad is beter om die hangbrug op te hou swaai. Daar is jou wrintiewaar diegene op Stellenbosch wat onder in die kloof staan en hoop die hangbruggie stort na benede. Hulle steun Lammie Snyman bloot uit beginsel en sonder om die vaagste benul te hê van dié man se onkunde omtrent die hedendaagse letterkunde.

'n Mens kry die idee dat diep in elkeen se binneste hou hy van 'n stryery en meningsverskille. As daar niks was om oor te stry nie – wat sou ons ou volkie dan nog doen? Hoe sou jy anders jouself laat geld?

### JONG STORMPIE

**Toemaar, weldra sal die jongste stormpie in die teekoppie (verskoon my die Engelse uitdrukking) tot bedaring kom en sal die *kloof* weer krimp tussen volk en sy doemprofete tot 'n lastige ou leislootjie. Maar nie vóór elkeen sy sê eers ingekry het nie.**

Alles is tog so tydsgebonde en so onbelangrik. Die geskiedenis van beskawings word net in eeue gemeet – nie in 'n paar stormjare of 'n dekade of twee nie.

### STRYDBYLE

**Pak maar die strydbyle weg – die skrywers gaan nie omkyk-omkyk loop nie en die volk sal hom mettertyd tog aanpas. Terloops, moet tog nie vergeet om jou byl te slyp voor jy hom bêre nie – daar sal weldra weer iets anders opduik wat jou diep binne jou sal versoek om die vlymskerp byltjie uit te pluk en weer te begin baklei.**

### SENDINGWEEK

Iets van 'n heel ander aard: 'n Mens kan nie help om beïndruk te word deur die omvang van Sendingweek nie. Die uitstallings is weer eens van 'n hoë gehalte en al die ander bydrywighede spreek van goeie organisasie.

Dit is belangrik om te besef dat dit hier nie *geld* is wat alles doen nie, maar die onvermoeide ywer van studente vir wie dit om die saak gaan. Dit is nou eenmaal die móói kant van Stellenbosch.

# DIE FONTEIN VAN SÊMAARSO

LIEWE lesers, die Moses van die Massas, Grosvenor Lucas C. Meintjies III, van Grootdors in die Noordweste, se uittrede uit die studentepolitiek is nie sonder 'n aura van triestige weemoedigheid nie. Genoemde persoon se onbaatsugtige uitwysing van die Apokalips, sy beywering vir die feit dat Orde slegs gebore word uit die jaloerse vereenselwiging van individu en Chaos, sy kontensies en dissertasies rondom die Waarheid (veral sy geskrif "Jukskei en die Ja-Nee in Studentepolitiek"), sy grasieuse styl op sy dikwielfiets, sy vermoëns op jukskeigebied, dié dinge het nie ongemerk verbygegaan nie. Dit is, kan hierdie rubriekskrywer met veiligheid beweer, die einde van 'n era . . .

Mnr. Meintjies het besluit om nie sy uittreerede te lewer nie, maar eerder dit te laat afrol en by die Sirkus te laat uitdeel. Intussen het hy 'n eksklusiewe onderhoud aan hierdie rubriekskrywer toegestaan. Dit volg in die MATIE-GESPREK-styl.

**Verkeerden, K.: Mnr. Meintjies, Mnr. Gert Rof is stembuskonvenor, Mnr. Petrus Baard tree uit, die kandidatelys het u self by 'n vorige geleentheid uitgespel tyenoor my. Dié dinge is openlik, dit is sienderoog uitgestal. Maar wat gebeur agter die skerms? Die marionettespel, die geskarrel, die balanseer van die skale . . .?**

Meintjies, Grosvenor L.C III: Mnr. Rof is, na die beste van my wete, Moderator van MAFIA (Manne Aljimmers Formidabel Insgelyks Anti-Awweregs). Soos enige ver-regse organisasie het MAFIA tot ondermyning oorgegaan: my dikwielfiets, Erasmus Smit, is omgeruil met dié van die gryskop-veteraan van menige kampusse, Mnr. Raainou Gou, die oud-kandidaat en A.P. Treurnicht-stormtroep. Dit is 'n propagandistiese truuk om die ware rol van Mnr. J.P. Landensand, biegskouer van beide ledemate, te verdoesel en deur die verskemering van dié sleutelfiguur se rol die verligte stem te split. Die rol van klandestine vergaderings moet nie onderskat word nie. Kyk versigtig waar Mnr. Jan-Hendrik Grinnik, partisaanleier, se VW staan in dié dae. Die meeste kandidate se voetsole trap die drumpel van Mej. Moeniehuil se woonstel deur. Dis 'n magstryd van formidabele omvang. Ingeligte waarnemers kan kennis neem van die Orde wat in die Chaos geskep word deur motief en wedermotief, ambisie en wederambisie, kwinkslag op spreuk . . . Dit is al wat ek bereid is om te sê, behalwe dat bonde, losse affiliasies en wagte in die teken van die tye staan . . . (slukkie sitrusseëllemoensap).

**Verkeerden, K.: U het sopas aan u biografie begin werk. Hoe vorder dit?**

Meintjies, G. Lucas C.: Dis 'n taamlik lywige geskrif, met voorwoord deur Mnr. Robin Shockings, avant garde-sonnetskrywer. Voetnotas deur Mnr. Mokkel Moerdyk. Sketse deur True Grit. Taalkundig versorg deur Mnr. Gawid de Bulliers van Arf. Ndl. Hoofkarakter, myself. Titel, "Grosvenor Lucas Casper – Die Man Agter Die Mite". Dit is al wat ek bereid is om te sê. (slukkie sitrusseël).

Verkeerden, K.: Dink u dat ons 'n verligte SR gaan hê?

**Meintjies, G.C. Casper III: Links en regs is ledemate. Met Mnr. Kan dit Red, volksanger en Ek-verlang-na-jou-lirieke-skrywer, as voorsitter kan hy as middelman die ledemate versoen. Ons het 'n veerpyltjie-subsidie nodig. Die Politieke Raad laat my bolip hang. Ek is 'n vrydenker. Dit is al wat ek bereid is om te sê. (slukkie lemoensap).**

Verkeerden, K.: Het u 'n boodskap, 'n legende waaronder die nuwe Raad kan vaar?

**Meintjies, Grosvenor Lucas Casper III: Die Chaos laat hom nie hokslaan deur die sisteem van konsensuspunte soos gehandhaaf op ons vergaderings nie. Dis vir my immoreel. Soek uit die verlede . . . Glo in jou I . . . Eendrag maak . . . Stellenbosch staan vir 'n . . . Mens Sana . . . Ek raak soms verward. (slukkie sitrusseël). Dis al wat ek bereid is om tė sê.**

Verkeerden, K.: Hoe voel u oor die publisiteit wat d.m.v. hierdie kolom aan u beweging verleen is?

**Meintjies: Die massas moet gevoed word. Mnr. Jan-Hendrik Grinnik moet grinnik. Mej. Moeniehuil moenie huil nie. Dis die essensie van die massamedia. Dit, Mnr. Verkeerden, was u taak. As die massas nie gevoed word nie, begin hulle knoei en hul leiers glo. Dis fataal vir 'n gesonde lojale verset. U begryp, jukskei lê my na aan die hart. Dis al wat ek bereid is om te sê . . . (slukkie sitrusseël)**

Verkeerden: Almal gis omdat u steeds u hare middelpaadjie kam . . . het dit 'n betekenis?

**Meintjies, Casper III: Natuurlik. Juis, juis. Magies. Links en regs, u sien, is lobbe in dieselfde skedel. Ek is 'n vrydenkende. My paadjie dui die helder vlies wat die denke skei, aan. Dit is al wat ek bereid is om te sê. Ek het, helaas, al te veel gesê. (ligte windbrekie, klankryk genoeg om te dien as opstand teen konvensie, maar beheersd genoeg om verfynde boerestandafkoms aan te dui) Die wegbly-stem is al wat tel. Amen.**

# Ou Wyn in Nuwe Vate . . .



EK het 'n man geken in wie daar baie goeds en niks kwaad gesteek het nie. Na sy dood het ek gewonder wat die dominee op sy begrafnis gaan sê. Dit is mos maar so dat 'n mens op daardie dag enigiets aangryp, enigiets wat jou hartseer minder kan maak. Hy gebruik toe die teks *(2 Tim. 4:7* "Met Christus het hy die goeie stryd gestry; hy het die wedloop voleindig, hy het die geloof behou."

Dit het my laat wonder. Ons moet almal die wedloop voleindig – een of ander tyd en wanneer weet net Hy. Ons stry almal 'n stryd, of dit goed of sleg is, hang net van onsself af. Die ergste is dat elkeen van ons wéét watter stryd ons stry. Vandag dink ons ons het die geloof en môre vergeet ons weer daarvan. Kom ons kyk weer na onsself en bid dan dat as ons eendag voor Hom staan, ons ook kan sê: "Here, ek het die geloof behou."

**SIMON**

# The other side of the mountain (8)

*And anyone who forces himself to love someone*
*Begets a murderer in his own body.*

SISYPHUS is tickled by the thought of giving the most admired man in the Western civilization a bit of back-chat. It is not out of cynicism that he holds such a challenging viewpoint. He respects Christ more than any other man, living or dead. Yet at the same time he can imagine his hero as being amused rather than offended by the passionate little outburst. And it is a tolerant smile, not a condescending one. For Christ did not *command* us to love one another; he gave us a practical example of such love. He *showed* us. If he had wanted to issue commands, he would have placed himself at a distance from mankind and lived in a palace or on a mountain. He didn't. The ultimate humanist, he lived with us, ate with us, worked with us, and finally, entrusted us with his life. In him, religion has found perhaps its finest form: the human striving for perfection. Where the Greek gods of mythology gorged themselves to death in an orgy of gluttony and lechery, and the providential Principle starved from lack of substance under the narrow-minded ascetisicm of the Puritan Creed, the story of Jesus continues to provide a richness to the human experience. Tracts on the ontological argument might never be read, but a film on Jesus of Nazareth will always attract a wide audience. By appeasing the wrath of God that we find in the Old Testament, Christ destroyed an old conception of morality and laid instead the foundations for a religion of optimism. My thesis will be this: that the vision of man most befitting a religion based on the life of this remarkable man, is a humanistic one. The emphasis is on the Resurrection, rather than the Fall from Paradise.

Sisyphus is neither a scientist nor an academic. He offers no proof for what he says. He is loath to regard the Bible as having exclusive rights to Jesus' character, so it is useless to refute his arguments simply by looking to the Bible. What he is doing is better understood as a hubristic act. He is sticking his head out and making rude, but futile gestures at a threatening sky. To all the people who talk about the law as being something apart from themselves; the people who continually try and remind him of his own weaknesses; to the people who confuse humility with complacence and pride with criticism, Sisyphus has just this to say: "Up yours".

The lightning may come. Sisyphus is vulnerable from both the theologian's perspective and the philosopher's. With his pen he has glibly glided over logical gaps. But he holds his ground because there are certain things about our marriage of politics and religion which disgusts him. And here on campus these things are visible.

Why in this country is Jesus Christ Superstar banned when it deviates so slightly from the Bible. Is it because it makes Christ more human by creating an ambiguity about his friendships with Mary Magdalene, by emphasizing his torment at Gethsemane, and his agony on the cross? And why is Chris de Burghs naive, but endearing God in "Spanish Train" banned? Is it not possible that these songs are modern projections of what stands in the Bible, rather than blasphemies?

Why are we not allowed to play sport on University grounds on Sundays? If the principle of religious freedom is adhered to, how can such a rule be made in regard to everyone? I contend that there is a sizeable percentage of the student body who have no religious qualms in this respect.

And why is the word "tokkelok" used so often as a "skelwoord" to describe people with narrow-minded views? Does this show a general attitude towards theology? And how does one reconcile this with the huge attendances at Church.

And inevitably, the political question. How do we reconcile a religion which advocates love between people to a social set-up where a coloured student may not partake in the same student activities as his white counterpart?

These and other questions have brought Sisyphus to the conclusion that we are not honest about our religion.

**JOHN McCALLUM**


Wynkenners kies
Witzenberg
–ware wyn van die land
Witzenberg
LANDKEUR
KEURIGE ROOIWYN
CHOICE DRY RED WINE
Witzenberg
LANDKEUR
STEIN SELECT
HALFSOET WITWYN
Waar wyn 'n leefwyse is, is Witzenberg
die keuse. 'n Wye reeks van natuurlike, eerlike
landwyne – geurig vir die neus, vrugtig
op die tong, suiwer genot uit die wingerdstok.
Kennerswyn vir aldag se skink.
Teen 'n prys waarop elkeen kan klink.
Die manjifieke Witzenberg-reeks
Droë Wit · Perlé Rosé · Perlé · Keurige Rooiwyn · Stein Select · Edelgoud Late Harvest
NOU OOK IN DIE SIERLIKE 2-LITER MAKSI-KRUIK

# SWART TEOLOGIE: DEEL VAN AFRIKA SE SOEKE NA HOMSELF (deel 2)

DEUR GEORGE RAUCH

IN die vorige aflewering oor Swart Teologie, het die skrywer die historiese ontwikkeling daarvan geskets en na die vorme wat dit aanneem, verwys. Nou kyk ons na die kenmerke van Swart Teologie en 'n evaluasie daarvan.

Wat is die kenmerke van Swart Teologie soos ons dit prakties in Suid-Afrika ervaar? Eerstens kan ons sê dat dit 'n *reaksie-teologie* is. Dit is 'n teologie in reaksie teen die Westerse wyse waarop die Evangelie gebring word. Dit is dus in reaksie met die optrede van die blankes in hierdie verband. Verder is Swart Teologie 'n teologie in reaksie teen die plek wat die swartman in die geheel beklee. Swart Teologie is by uitstek 'n *Swart Bewussynsteologie.* Die swartman is in 'n identiteitskrisis – hy soek na sy eie identiteit, in reaksie teen die blanke – daarom, "Black is Beautiful! " Hieruit volg ook 'n ander kenmerk van Swart Teologie, naamlik dat dit 'n *situasie-teologie* is; 'n teologie gebou rondom die situasie waarin die Swartman verkeer. Die groot gevaar hier is dan ook dat die situasie die normatiewe word. Dan word dit moeilik om 'n gesonde teologie te handhaaf.

### BEVRYDING

Swart Teologie is ook 'n *bevrydingsteologie.* Só gesien moet dit die swartman bevry van sy toestand van onderdrukking, dit moet hom bevry van die slawe-mentaliteit. Dit moet hom ook bevry van die paternalisme van die Westerse mense. 'n Ander kenmerk van Swart Teologie is dat dit sterk *aardsgerig* is. Mense kan byna sê dat dit 'n teologie van anti-vergeesteliking is teen dié tipe godsdiens wat net betrek is op die siel en nie net so ook op die *liggaam* nie. Nou hieraan verbonde kan ons sê dat een van die kenmerke van Swart Teologie is dat dit 'n *horisontalistiese* teologie is. As laaste kenmerk kan ons ook sê dat dit 'n *re-oriënteringsteologie* is. Dit is besig om aan al die kardinale begrippe in die Bybel nuwe inhoud te gee. "Verlossing" word byvoorbeeld verlossing van meerderwaardigheids- of minderwaardigheidsgevoel. "Christus" is alleen Christus as Hy hulle uit hul "slawe-toestand" verlos.

### DR BOESAK

Een van die huidige verdedigers van Swart Teologie is die bekende dr. A. Boesak. Dr. Boesak het dit teen die sisteem van apartheid. Volgens hom beskou die blanke homself as die uitverkorene wat nou eenmaal die reg op gesondheid, rykdom, opvoeding en menslikheid het. Daarom betwyfel Boesak die sg. "christelike westerse beskawing". Boesak sê ook dat die Swart mense die uitdrukking "nie-blanke", "kleurlinge" en "Bantoe" verwerp. Hy noem dit verdrukkingsterminologie. Hy sê die Swartmense weier om langer gedifinieer en begrens te word deur Blankes. As Christene wil hulle antwoorde gee op vrae en eise uit die evangelie, hulle kan nie met blanke vrae, of blanke antwoorde volstaan nie. Hul teologiese denke moet met die "swart ervaring" rekening hou. Boesak sê voorts dat die reg om as mens op God se wêreld te lewe nie 'n blanke reg is wat eventueel goedgunstiglik aan "verdienstelike" swartes as besondere voorreg gegee sou kon word nie. Die blanke, sê hy, sal nie so kan voortgaan om grense t.o.v. die nie-blankes se menswees te bepaal sonder om God se toorn oor ons te bring nie.

### GEREGTIGHEID

Vir dr. Boesak is die begrip *geregtigheid* baie belangrik. Elkeen kan aanspraak maak op God se geregtigheid en daarom is dit die bron van swart menslikheid. God se onvermoeide ywer vir die bevryding van Sy verknegte en misdeelde kinders is inspirasie vir die stryd om bevryding van Swartes. Dr. Boesak skets Christus ook as die Swart Messias. Hy sê dat Jesus geen geheim daarvan maak dat Hy juis vir hierdie mense gekom het nie – die uitgeskoptes, die veragtes, ens. Sy werksprogram is suiwer solidariteit. Jesus, die groot Verdrukte, kom en kies die kant van die verdruktes. Hy kom as die Verlatene, sonder gestalte of aansien, 'n Man van smarte ens. (Jes. 53) Hy leef dus op die aarde soos wat die swartes die lewe ken. Hy het Hom volkome geïdentifiseer met die Swarte – daarom is Hy die *Swart Messias.* Christus, die Verlosser, kondig radikaal hul bevryding aan en bevestig hul menslikheid. In aansluiting hierby neem ons 'n aanhaling van James Cone: "Omdat ons swartheid, en alleen maar ons swartheid die oorsaak is van die onderdrukking van die Swart gemeenskap, moet die christologiese betekenis van Jesus Christus gevind word in Sy swartheid." Vir die swartmense is Jesus Christus die Swart Messias en die onherroeplike waarborg van swart menslikheid.

**MENINGS-AKTUEEL**

Dr. Boesak meen dat in die blankgedomineerde maatskappy blank die toppunt is van alles wat goed is, en swart die simbool van alles wat laag is. Hy sê die swartmense soek nou hul egte menslikheid, vry van die smet van blanke veragting. Die taak van Swart Teologie is die bevryding van mense; alleen só kan 'n egte gemeenskap materialiseer.

### POSITIEWE ASPEKTE

Dit is in breë trekke wat dr. Boesak as die wese en doel van Swart Teologie sien. Dit sluit aan by die kenmerke wat ons vroeër genoem het. Wanneer mens poog om Swart Teologie soos dit aan ons bekend is, te evalueer, sou jy eerstens na positiewe aspekte soek! Een so 'n positiewe aspek is die klem wat op die horisontale aspek van verlossing geplaas word. Dit is dikwels 'n nodige beklemtoning in die Suid-Afrikaanse teologie. Nog iets positiefs is die klem op die Christendom as 'n *aktiewe* godsdiens. Dit is, soos dr. Meiring dit stel, die "teenpool van alle quiëtisme". Verder kan mens die verwerping van die witman se "tipe" evangelie in 'n sekere sin ook as iets positiefs sien. Swart Teologie is daarby in 'n groot mate 'n teken van 'n nuwe kreatiwiteit en volwassenheid onder die Swart Christene van Afrika.

### SITUASIE-TEOLOGIE

As die grootste punt van kritiek sou ek sê dat Swart Teologie 'n *situasie-teologie* is, en dat dit daarom onaanvaarbaar is. Die eie situasie van die groep waartoe die teoloog behoort, word die sleutel tot die verstaan van die Evangelie. Daarom is dit 'n sterk punt van kritiek dat die uniekheid van die Evangelie deur hierdie teologie in gedrang gebring word. Hierdie teologie is veels te eensydig in die sin dat dit net gaan om die *hier* en die *nou.* 'n Verdere beswaar teen Swart Teologie is dat dit dinge baie *simplisties* benader as daar gesê word dat die witman en die strukture wat hy opgestel het al die skuld moet kry. Daardeur openbaar hulle dieselfde *rassime* as wat hulle juis wil afwys, en is daar by hulle die groot gevaar van selfregverdiging!

### REVOLUSIE

Ek wil verder gaan en beweer dat bepaalde vorms van Swart Teologie in 'n sekere sin slegs 'n onderdeel van die Moderne Teologie van die Rewolusie is. As mens kyk na die uitsprake van James Cone, sien jy dat Swart Teologie en Rewolusie vir hom hand aan hand gaan. "Jesus veg aan die kant van die onderdrukte, daarom moet ons ons gewig ingooi agter die rebellie en rewolusie'." So kom die klanke oor vanaf Amerika. En hier in Suid-Afrika het ons met dieselfde tendens te doen. As mens die studiestukke van Basil Moore (wat hy vir die Roodepoort-konferensie opgestel het) onder oë neem, kom jy agter dat hy met louter rewolusie-teologie besig is.

### ROODEPOORT-KONFERENSIE

Dr. Meiring illustreer hierdie aspek van Swart Teologie baie duidelik met 'n aanhaling uit die reaksie van die voorsitter van die Roodepoort-konferensie na een van die referate: "What must be brought about is a change so that all land and resources must be redistributed equally. The black man must obtain the land and the economic resources so that he can get the power . . . What we need are grievances so that the blacks are willing to fight. We must forcibly grab power from the White Bastards! . . ."

### INTERPRETASIE

Swart Teologie in sommige van sy gedaantes is dus myns insiens nie die korrekte interpretasie van die Evangelie nie. Daarmee wil ek onmiddellik sê dat ek geen vorm van teologie wil verabsoluteer as *dié* korrekte nie. Swart Teologie is onteenseglik gebonde aan die *situasie* van die swartmense – veral hier in Suid-Afrika. En omdat die situasie van ons swartmense feitlik daagliks verander, ja selfs verbeter, is dit moeilik om te sê hoe lank Swart Teologie in sy *huidige* vorm sal bestaan.

Ten slotte is dit my mening dat ons as wit en swart Christene (veral in hierdie land) mekaar in *nederigheid* moet aanvaar. Ons moet mekaar se goeie trou aanvaar en die oop gesprek wat daar nog bestaan ten alle koste behou. Deur 'n "Wit-teologie" en 'n "Swart-teologie" te probeer handhaaf gaan ons nêrens bring nie. En bo alles moet ons onthou dat Jesus Christus as Verlosser vir *almal* na die aarde gekom het. Daarom is dit ons taak om te alle tye onbeskroomd die *volle* Evangelie te bring.




*DAAR is nog heelwat van vanjaar se Intervarsity-hempies en sakke te koop. Die hempies kos R2,50 en die sakke R1,50. Die hempies is helder ou-goudkleurig met maroen en die sakke beige en maroen. Navrae by die SR-kantoor.*

# ISR MAAK BESWAAR

DIE INGENIEURS-STUDENTERAAD skryf:

NA aanleiding van die berig "TUKS VERSKIL OOR ROL VAN TWEE STUDENTERADE" deur interuniversitêre verslaggewer Cobus Kotze in *Die Matie* van 28 Julie, wil die Ingenieurstudenteraad (ISR) van Stellenbosch sterk beswaar aanteken teen die aantyging daarin vervat.

Die verklaring dat die ISR oorbodig is, is verwerplik, veral gesien in die lig van die volgende:

1. Die ISR is geen algemene verteenwoordigende studenteraad nie en verteenwoordig slegs die ingenieurstudente van Stellenbosch deurdat dit die belange van studente in 'n professie bevorder.
2. Die ISR tree as koördinerende liggaam op oor die VSIS (die Vereniging van Stellenbosse Ingenieurstudente) en naas die CSV, is hierdie die grootste studentevereniging, gemeet i.t.v. finansiële omset en studentelidmaatskap, op die US kampus.

### AKTIWITEITE

3. Die ISR organiseer jaarliks die volgende aktiwiteite ter bevordering van studentebelange:
   - trapkarwedren (toeskouertal 20 000)
   - Winterskool vir skoliere uit SWA en Kaapland
   - navigasietoer
   - Ingenieursweek, insluitend Mej. Ingenieur
   - referaatkompetisie
   - boekeskema vir ingenieurstudente
4. Daar word weekliks gratis filmvertonings op die kampus gehou en hierdie byeenkomste is oop vir alle studente.
5. Die ISR as filiaal van SAFUIS, organiseer jaarliks oorsese vlugte aan alle studente, en vakansiewerk oorsee vir ingenieurstudente.

### SPORTDAG

6. Daar word vanaf 1978 jaarliks 'n interfakultêre sportdag met die Mediese fakulteit en 'n sosiale byeenkoms met die Huishoudkundedepartement gehou.
7. Die ISR was in Julie vanjaar instrumenteel in die stigting van die Konfederasie van Ingenieurstudente van Afrika tydens die SAFUIS Julie-konferensie in Johannesburg.

Teen hierdie agtergrond word u ernstig versoek om 'n gepubliseerde verskoning deur *Die Matie*, in persone van die betrokke verslaggewer, aan die Stellenbosse studentepubliek voor te lê ter regstelling van die wanindruk wat geskep is in die vorige berig.

*(Die standpunt van die verslaggewer verteenwoordig nie dié van* Die Matie *nie, maar hy is geregtig op 'n subjektiewe mening en is onses insiens nie verplig om apologie aan te teken nie. Wees egter gerus dat volgens redaksionele beleid, die ISR 'n besondere bestaansreg het – Red.)*

## "Die Matie" Vakante Poste

AANSOEKE, vergesel van relevante ondervinding, word ingewag vir die volgende poste in die redaksie van *Die Matie:*

- Hoofredakteur
- Assistent-Hoofredakteur
- Tipografiese redakteur
- Nuusredakteur
- Interuniversitêre redakteur
- Sportredakteur
- Sosiale redakteur
- Kunsredakteur
- Advertensiebestuurder
- Hooffotograaf
- Hoofverspreider
- Taalredakteur
- Sub-redakteurs en verslaggewers in die nuus-, interuniversitêre-, sport-, sosiale- en kunsredaksies asook fotograwe, verspreiders en spotprenttekenaars.

Aansoeke moet voor 30 Augustus om 12.00 nm. gerig word aan:

Die Hoofredakteur
Die Matie
Langenhovensentrum, Stellenbosch.

## Sangfees

DIE twee-en-dertigste sangfees lê om die draai en oor minder as twee weke sal nagenoeg 1 000 studente op 24, 25, 26 Augustus in die stadsaal op Stellenbosch saamtrek om saam te sing.

Vanjaar word sangfees aan die rektor, prof. en mev. J.N. de Villiers, opgedra.

Sangfees '78 speel hierdie jaar gasheer vir die BTK-koor (BTK beleef vanjaar hul vyftigste bestaansjaar), en daar word op die oomblik onderhandel om die Kaapse Maleierkoor ook deel van dié fees te maak.

Die sangfeeskomitee is voorts ook besig om te onderhandel dat die bruin personeel van die universiteit ook die geleentheid sal hê om die studente op 24 Augustus te hoor.

# POLITIEKE PROFIEL VAN DIE STELLENBOSSE STUDENT

VOORLOPIGE ontledings van enkele spesifieke gegewens in die vraelys van die Dept. Staatsleer, het die volgende resultate aan die lig gebring.

### AKADEMIE

Die oorgrote meerderheid studente wat gereageer het, voel tevrede met hul studies (72%) terwyl soveel as 23% hul studies *hoogs* bevredigend vind. Tog reken 55% dat studente meer seggenskap t.o.v. die inhoud van universiteitskursusse behoort te hê, terwyl slegs 33% hiervan verskil en die res onseker is. Verder meen die meerderheid dat dosente se godsdienstige (62%) en politieke oortuigings (77%) geen rol by hul aanstellings behoort te speel nie.

### STUDENTERAAD

Soveel as 61% reken dat die studenteraad namens die studente standpunt behoort in te neem oor nasionale politieke vraagstukke. Van die teologiese studente neem 74% hierdie standpunt in, en van die regsstudente 71%. Studente in die geesteswetenskappe (53%) en sosiale wetenskappe (56%) is hier die swakste verteenwoordig. Verder neem 64% van die mans en 57% van die damestudente in die responsgroep hierdie standpunt in.

Die meerderheid respondente (51%) is van mening dat die politieke affiliasie van kandidate nie 'n rol by SR-verkiesings behoort te speel nie (35% is wel ten gunste daarvan en 13% onseker). Aangesien die partypolitieke affiliasie van kandidate in vorige SR-verkiesings wel deeglik ter sprake was, kan hierdie uitspraak dui op (1) 'n dualisme by studente in dié verband, of (2) 'n neiging om partypolitiek in SR-verkiesings uit te skakel. 'n Vorige opname in 1975 het egter getoon dat 75% van die studente toe teen partypolitiek gekant was. Hierdie dualisme by studente word bevestig deur die groot aantal respondente (36%) wat onseker is oor die vraag of die SR nog tred hou met die belange en wense van die massa. 'n Totaal van 44% meen dat dit nie die geval is nie, terwyl 20% die SR in dié verband steun. Dit wil dus voorkom asof heelwat studente geen duidelike standpunt vir hulself oor studentepolitiek aangeleenthede geformuleer het nie, waarskynlik omdat hul onkundig is daaroor of nie daarin belangstel nie.

### ASB

Die heersende verdeeldheid en onsekerheid op die kampus t.o.v. studentepolitieke aangeleenthede word die beste geïllustreer deur die respondente se kennis van die ASB, en die knelpunt van heraffiliasie. Slegs 46% beweer dat hul weet wat die ASB is en waarvoor dié liggaam hom beywer, terwyl 20% dit nie ken nie, en 33% onseker is oor die ASB. Die meerderheid mans (51%) ken die ASB, terwyl dieselfde standpunt voorkom by slegs 41% van die dames, 49% van die Afrikaanssprekende studente, 34% van die Engelssprekende studente, 51% van die PSO-studente, 44% van die koshuisstudente, 63% teologiese en 63% regstudente (die hoogste persentasies). Van die studente wat aangedui het dat hul die ASB nie ken nie of onseker is, studeer die meeste in die geestes- en sosiale wetenskappe.

Wat heraffiliasie met die ASB betref, is slegs 17% daarvoor, 27% daarteen, en soveel as 55% onseker daaroor. Engels- (4%) en Duitssprekendes (5%) wil die minste heraffilieer en dit is opvallend dat hoe ouer die student, hoe minder wil hy/sy heraffilieer, en dat dames oor die algemeen meer onseker is oor heraffiliasie (31%) as mans (22%). Die heersende openbare mening t.o.v. studentepolitieke aangeleenthede is dus vloeibaar, en vraagstukke in dié verband kan na die een of ander kant beslis word deur sterk leidinggewende optrede van studenteleiers op die kampus. Dit is egter betekenisvol dat die grootste groep respondente (42%) hul as eerste prioriteit vereenselwig met die credo van die ASB nl. die beskrywing *Christelik Nasionaal)*, terwyl die tweede grootste groep (21%) hulself slegs as gematigd beskryf.

### STUDENTEPROTES

Menings is skerp verdeel oor die vraag of studente aan Afrikaanse Universiteite bereid behoort te wees om aktief te protesteer teen regeringsmaatreëls waarvan hul nie hou nie: 46% is ten gunste daarvan, 43% daarteen en slegs 11% is onseker daaroor. Die meerderheid mans is ten gunste van protes (52%) terwyl die grootste groep dames daarteen is (49%) Die grootste groep Afrikaanssprekendes is gekant teen protes (48%) terwyl die oorgrote meerderheid Engels- en Duitssprekendes ten gunste daarvan is (onderskeidelik 74% en 80%). Die meerderheid PSO-studente (51% is daarvoor, terwyl slegs 41% daarteen is. Koshuisstudente is skerp verdeeld: 44% vir protes, 43% daarteen, en 13% onseker. Volgens studierigting is die grootste groep in al die genoemde rigtings ten gunste van protes (regstudente 65%, teologiese studente 54%, landbou-bosboustudente 53% en medies 51% is die meeste), met die uitsondering van studente in die geesteswetenskappe en sosiale wetenskappe waar die grootste groep daarteen gekant is (onderskeidelik 51% en 46%). Studente in die Natuurwetenskappe en ingenieurswese is gelykop verdeel (45-45% en 47-46%).

Dit wil dus voorkom asof veral die groot aantal Afrikaanssprekendes nie bereid is om ongunstige regeringsmaatreëls aktief by wyse van protesbewegings te bevraagteken nie. Dit word gestaaf deur die feit dat 74% Afrikaanssprekendes verskil met die stelling dat protesbewegings by oorsese studente 'n bemoedigende teken is van hul belangstelling in openbare vraagstukke, teenoor 'n verdeelde Engelssprekende groep (35% stem saam, slegs 33% verskil en 30% is onseker). Soveel as 86% van die teologiese studente verskil ook met die stelling, asook die meerderheid studente in al die ander studierigtings. Die regstudente toon die kleinste meerderheid wat verskil (52%), terwyl hul die grootste groep studente bevat wat saamstem met die stelling (36%).

### MAATSKAPLIKE VRAAGSTUKKE

**Die feit dat soveel as 77 % van die responsgroep Afrikaanssprekend is, teenoor 81% vir die universiteit as geheel (volgens voorlopige syfers vir 1978), beteken dat die houdingsverskille op grond van taal verteenwoordigend genoeg is om die afleiding wat hierbo gemaak is, nl. dat Afrikaanssprekendes minder krities ingestel is teenoor openbare vraagstukke, te regverdig. Hierdie onkritiese aanvaarding van die *status quo* deur die meerderheid studente (veral Afrikaanssprekendes) blyk verder uit die volgende:**

### SENSUUR

60% van die respondente meen dat sensuur soos tans toegepas in Suid-Afrika, noodsaaklik is om 'n hoë peil van openbare sedelikheid te handhaaf; 56% van die Engelssprekendes verskil hiervan, terwyl slegs 27% van die Afrikaanssprekendes hiervan verskil; die meerderheid PSO-studente verskil (55%) terwyl soveel as 67% van die koshuisstudente die stelling steun; 66% van die dames stem met die stelling saam teenoor 55% van die mansstudente. Die persentasie steun vir die huidige toepassing van sensuur neem van 65% by eerstejaars af tot 45% by die vyfdejaar studente.

### PERSBEHEER

Die grootste groep Afrikaanssprekendes (48%) is van mening dat strenger persbeheer minder probleme vir die land tot gevolg sal hê, terwyl 41% daarmee verskil en 11% onseker is. Hierteenoor stem slegs 11% van die Engelssprekende studente hiermee saam, terwyl soveel as 83% hiervan verskil en slegs 6% onseker oor hul standpunt is. Die grootste groepe mans en dames (49% en 47% onderskeidelik) verskil daarmee, terwyl koshuisstudente gelykop verdeel is (45-45%) en die meerderheid PSO-studente (54%) meen strenger persbeheer nie sal help om Suid-Afrika se probleme te verlig nie.

Volgens studierigtings is dit slegs by die teologiese studente waar die meerderheid (54%) strenger persbeheer koppel aan minder probleme vir die land, terwyl studente in die geestes-, sosiale-, natuurwetenskappe, en landbou-bosbou feitlik gelykop verdeel is oor hierdie vraagstuk. Die grootste groepe studente in die ander rigtings verskil met dié stelling en meen dat strenger persbeheer *nie* minder landsprobleme tot gevolg sal hê nie.

Die oorgrote meerderheid (68%) sien die verskaffing van sekuriteit, en waarborg vir selfbehoud as belangriker doelstellings vir die regering as regverdigheid en gelyke geleenthede vir almal (23%) en die grootste moontlike vryheid van optrede vir die individu (7%).



*Mnr. G.S. Cloete, dosent aan die Departement Staatsleer, wat die voorlopige gegewens van die meningsopname vir* **Die Matie** *verwerk het.*

### AFRIKANER GROEPSBEWUSSYN

Ten spyte van die vereenselwiging van die grootste groep respondente met die beskrywing van Christelik-Nasionalisme (die slagspreuk van die ASB), word daar tog 'n definitiewe neiging weg van Afrikanergroepsbewussyn by die responsgroep aangetref ten gunste van 'n meer oorkoepelende nasionale bewussyn. Dit blyk uit die volgende gegewens:

- Soveel as 77% van die responsgroep voel dat die bewaring van hul Afrikaner kultuuridentiteit *nie* belangriker is as die verkryging van nasionale eenheid tussen Blankes nie;
- 89% van die responsgroep gaan sover as om te beweer dat Afrikaans- en Engelssprekendes hul ou twiste moet vergeet en een nuwe volk met gelyke taalregte moet vorm, terwyl slegs 7% beweer dat Engels- en Afrikaanssprekendes aparte volke is en hul onderskeie identiteite moet behou;
- 50% van die respondente wil Suid-Afrikaners genoem word (78% van die Engelssprekendes en 44% van Afrikaanssprekendes), .16% wil as Blanke Suid-Afrikaners bekend wees, 15% as Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners, en slegs 11% as Afrikaners.

### POLITIEKE VRAAGSTUKKE

*Swart meerderheidsregering*

Ten opsigte van politieke vraagstukke wil dit voorkom asof die meerderheid respondente in sommige opsigte tot meer kritiese standpunte neig, hoewel geen standpunte wat wesenlik van die politieke *status quo* afwyk, ingeneem is nie. So meen die meerderheid respondente bv. dat 'n swart regering op die lange duur wel vermy kan word (56%) hoewel soveel as 22% reken dit is onvermydelik. 'n Totaal van 54% reken dat geen oorwegend swart regering in Suid-Afrika 'n goeie regering vir die land kan wees nie, terwyl 23% wel so-iets voorsien. 'n Totaal van 57% is bereid om te sterf ten einde Blanke beheer in Suid-Afrika te behou, teenoor 27% wat *nie* daartoe bereid is nie, en 15% wat daaroor onseker is.

**Van al die respondente wat *nie* bereid is om te sterf vir die behoud van Blanke beheer in Suid-Afrika nie, is slegs 22% Afrikaanssprekendes, 48% Engelssprekendes en 32% PSO-studente teenoor 25% koshuisstudente.** Die persentasie wat nié bereid is om te sterf nie, neem vanaf 8% tot 35% toe van sewentienjariges tot drie-en-twintigjarige studente, terwyl diegene wat te kenne gegee het dat hul bereid is om te sterf afneem van 61% van eerstejaarstudente tot 46% van vyfdejaarstudente. Verder is die meerderheid respondente wat wel bereid is om vir blanke beheer te sterf, die grootste in die sosiale wetenskappe (62%) en medies en tandheelkundige wetenskappe (60%). Hoewel die meerderheid studente in al die studierigtings deurgaans bereid is om hul lewe neer te lê ten einde blanke beheer in Suid-Afrika te behou. Van die respondente wat nie daartoe bereid is nie, is die grootste persentasie landbou-bosbou studente (43%) en regstudente (40%), terwyl die teoloë die meeste onseker is oor hierdie vraag (23%) en die regstudente die minste onseker (7%).

Ten spyte van hierdie onbenullige uitsprake, is daar soveel as 37% van die respondente wat bereid is om 'n swart regering te aanvaar indien die Blankes se veiligheid en regte onder so 'n bedeling gerespekteer word. Dié respondente is meestel Engelssprekendes (71%) hoewel 30% Afrikaanssprekendes ook so voel. Volgens studierigtings is teologiese studente (43%), landbou-bosbou studente (41%), mediese en tandheelkundige studente (41%) en regstudente (40%) die sterkste verteenwoordig in dié kategorie, terwyl diegene wat *nie* bereid is om dit te aanvaar nie, 58% van die natuurwetenskaplike studente insluit, 56% van die sosiale wetenskappe, 54% van die ingenieurs, 45% van die geesteswetenskappe, 43% teoloë, 41% medies/tandheelkundige studente, 39% landbou-bosbou studente en 39% regstudente.

### STEUN VIR REGERINGSBELEID

Redelik kritiese uitsprake is ook gemaak m.b.t. die effek van regeringsbeleid op die nie-Blanke groepe in Suid-Afrika. So erken 57% van die respondente dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling *nie* deur die meerderheid nie-Blankes in die land ondersteun word nie, terwyl soveel as 26% nog onseker is hieroor. Verder erken die grootste groep respondente (47%) dat afsonderlike ontwikkeling nie heeltemal regverdigbaar en billik teenoor die nie-Blankes, en 12% onseker daaroor is. Die helfte van die mans (50%) reken dat dit onbillik is, dog die dames is feitlik eweredig verdeeld daaroor (44-43%). Terwyl 80% van die Engelssprekendes die beleid as onregverdigbaar en onbillik beskou, meen slegs 39% Afrikaanssprekendes so. Die meerderheid ingenieurs (52%) regstudente (51%) en medies/tandheelkundige studente (50%) beskou dit as onbillik, terwyl die grootste groep studente in die geesteswetenskappe ook so voel (47%). Daarenteen voel die grootste groep teoloë (46%), landbou-bosbou studente (47%), sosiale wetenskapstudente (45%) dat die beleid billik is. Volgens ouderdom is daar ook 'n definitiewe neiging te bespeur, nl. dat hoe ouer die respondente is, hoe meer dink hul die beleid is onbillik en nie regverdigbaar nie.

**Ten spyte van bogenoemde kritiese houding steun 58% van die respondente die beleid van afsonderlike ontwikkeling.** die teoloë (80%) is verreweg die sterkste verteenwoordig in hierdie kategorie, terwyl die medies/tandheelkunde studente en dié in die geesteswetenskappe die tweede sterkste is (63% elk) en die grootste groep van die ander studierigtings ook die beleid steun. Daar is egter soveel as 41% van die ingenieurs, 39% van die regstudente en 37% van die landbou-bosbou studente wat die beleid *nie* steun nie. Verder steun 69% van die Afrikaanssprekendes die beleid, 16% van die Engelssprekendes, 55% van die mansrespondente, 64% van die dames, 64% van die koshuisrespondente en 50% van die PSO-studente. Slegs 23% van die koshuisrespondente steun *nie* die beleid nie, teenoor 36% van die PSO-respondente.

### PARTYPOLITIEKE STEUN

Hoewel slegs 58% van die respondente afsonderlike ontwikkeling steun, beweer soveel as 75% dat hul gewoonlik die Nasionale Party steun, dog slegs 47% van al die respondente was in staat om die beleid te identifiseer as "*. . . politieke en geografiese skeiding van die Bantoe in sy eie tuislande, terwyl die Indiër en Kleurling saam met die Blanke in 'n gemeenskaplike politieke stelsel opgeneem word deur die verkiesing van hul eie parlement, maar met 'n oorkoepelende struktuur van gesamentlike besluitneming . . .*". Slegs 36% van die respondente het verder hierdie beleidsrigting as die beste vir Suid-Afrika beskou.

Die Nasionale Party word gesteun deur 87% van die Afrikaanssprekende respondente, 18% van die Engelssprekende respondente, 78% van die koshuisrespondente, 69% van die PSO-respondente en die meerderheid respondente in al die verskillende studierigtings, waarvan die teologiese studente (94%), natuurwetenskappe (82%) en geesteswetenskappe (81%) die sterkste verteenwoordig is, terwyl die regstudente (57%) die swakste verteenwoordig is.

'n Totaal van 11% van die respondente dui aan dat hul die Progressiewe Federale Party steun, terwyl slegs 23% van al die respondente die beleid van die PFP kan identifiseer as "*. . . die daarstelling van 'n Nasionale Konvensie van verteenwoordigers van alle groepe in Suid-Afrika om 'n beleid van magsdeling te formuleer wat die vreedsame politieke akkommodasie van al die betrokke groepe sal bewerkstellig . . .*", of die ou Progressiewe Party beleid as "*. . . politieke integrasie met gemeenskaplike kieserslyste maar met bepaalde stemregkwalifikasies sodat laaggeskooldes en persone met lae inkomstes uitgesluit word . . .*".

### PFP

'n Totaal van 35% van al die respondente het hierdie beleidsrigtings as die beste beskou. Die grootste steun vir die PFP kom van 14% van die mans en 8% van die damestudente, 15% van die PSO-studente teenoor 8% van die koshuisstudente, 45% van die Engelssprekendes, 35% van die Afrikaanssprekendes en 24% van die Duitssprekendes op die kampus. Wat studierigting betref kom die grootste steun vir die PFP veral vanuit die geledere van die regstudente (29%), landbou-bosbou studente (18%), ingenieurstudente (13%) en medies/tandheelkundige studente (11%). Teologiese studente (3%) en natuurwetenskapstudente (5%) is die swakste hier verteenwoordig.

### GEEN VOORKEUR

Soveel as 9% van die respondente het geen spesifieke partyvoorkeur nie, terwyl die ander politieke partye minimale of geen steun geniet nie. In die algemene verkiesing verlede jaar het 81% van die respondente wat gestem het, vir die Nasionale Party gestem, (89% van die Afrikaanssprekendes en 29% van die Engelssprekendes) terwyl 17% van dié wat gestem het vir die PFP gestem (68% van die Engelssprekendes en 9% van die Afrikaanssprekendes in die responsgroep).

### Gevolgtrekking

**Die belangrikste gevolgtrekking wat t.o.v. die politieke vraagstukke gemaak kan word, is (1) dat 'n groot aantal studente 'n bepaalde politieke party of partye steun sonder dat hulle weet wat die partybeleid is; (2) dat dit voorkom asof die latente steungroep van die PFP 'n groter persentasie Afrikaanssprekendes (35%) insluit as die persentasie Engelssprekendes (18%) wat normaalweg die NP ondersteun; en (3) dat die meeste respondente 'n kritiese ingesteldheid openbaar t.o.v. aspekte van die NP-beleid teenoor nie-Blankes, dog dat dit *nie* weerhou om die beleid te steun nie.**

# WITTES EN SWARTES HET MEKAAR IN S.A. NODIG

"WIT en Swart het mekaar nodig, en hierdie land wat God geskep het maak voorsiening vir ons naasbestaan", het eerwaarde Sobantu Msengana onlangs gesê. Hy het gepraat op 'n byeenkoms tussen Stellenbosse studente en lede van die Mowbray Interrace Contact Group (MIRGE). Ongeveer 25 Swartes was teenwoordig op dié vergadering, waar die hooftema van bespreking, "Behuising vir Stedelike Swartes" was.

Mnr. Msengana het beswaar gemaak teen die feit dat 'n gebrek aan grond as rede aangevoer word vir die toepassing van instromingsbeheer, terwyl daar wel grond blyk te wees vir immigrante. Hy het beweer dat baie immigrante, ongeag hul bekwaamheid, aangemoedig word om S.A. toe te kom om die blanke-getalle hier te laat uitbrei. Dit geskied ten koste van swart inwoners wat hier gebore is en geen ander uithoek in die wêreld ken om hulle te vestig nie.

"God sou nie beveel het dat die mens moet vermenigvuldig as hy die wêreld te klein gemaak het sonder ruimte vir uitbreiding nie. Dit is die mens wat a.g.v. sy gulsigheid en gebrek aan liefde die wêreld vir sy medemens vernou", het mnr Msengana gesê.

### VERVREEMDING

Een van die kwessies wat op die vergadering aangeraak is, is die vervreemding tussen familielede wat deur die huidige stelsel meegebring word. 'n Swart werker word verplig om alleen in die stad naby sy werk te bly en kry slegs drie weke per jaar die geleentheid om sy vrou en kinders in die betrokke tuisland te besoek.

Mnr Msengana het daarop gewys dat hierdie reëlings mans aanmoedig om hul families in die steek te laat en 'n nuwe, roekelose lewe met ander plaaslike vroue te voer. "Die gevolg hiervan is buite-egtelike kinders en 'n verdere swelling van die bevolking. Wanneer die verontregde vrouens hul mans in die stad opspoor, weier hulle om weer van hom afstand te doen. Omdat hul verblyf hier dan onwettig is, kan hulle nie op 'n familie-huis aanspraak maak nie en moet man, vrou en kinders tevrede wees met 'n eenmansgehuggie. Boonop loop hulle die gevaar om 'n hoë boete te kry indien die man se familie daar gevang word", het hy verduidelik.

### GESPREK

Dat gesprek tussen Swart en Wit dringend noodsaaklik is, is eenparig aanvaar deur almal wat op die vergadering was. Mnr L. Overmeyer, prinsipaal van die Hoërskool Belgravia, het duidelik gemaak dat gesprek, kommunikasie tussen gelykes impliseer en nie ruimte laat vir 'n baas-kneg-verhouding nie. Hy het bepleit dat swartes nie meer as blote getalle gehanteer word nie, maar as mense; dat huise nie gebou word vir robot-werkers nie, maar vir mense met menslike behoeftes.

Mev. Grace Quanta, het die voorspelling gewaag dat indien die ou geslag swartes betyds kan regkry om betekenisvol gesprek met die blanke te voer, die huidige opstandige jong swartes dalk met nuwe moed en tegemoetkoming gevul sal word.

### BEGRIP

Mnr Msengana het voorgestel dat begrip tussen wit en swart bevorder kan word indien hulle die geskiedenis van mekaar kan leer ken en sake só in perspektief kan sien. 'n Ander teenwoordige het daarop gewys dat geskiedenis op skool baie eensydig en onvolledig aangebied word. Daar is verder gesuggereer dat die swarte se geskiedenis die beste uit sy eie mond geleer sal kan word en dat die blanke, wat so lank reeds slegs gehoor vir sy eie stem gehad het, spoedig gehoor vir die swartman sal moet ontwikkel.

**CAROL v.d. MERWE**



*DR. JOHAN HEYNS van die Pretoriase Kweekskool, wat onlangs by die plaaslike kweekskool 'n reeks praatjies oor "Die Kerk" gelewer het en veral oor die verhouding tussen die kerk en koninkryk gepraat het. Die praatjies was besonder omstrede onder die studente. Een student het die dr. Heyns se opmerking dat die ekuneme hul eerder op die vlak van die plaaslike kerkraad toelê as op die sinodale vlak as die "opmerklikste sinvolle stelling" beskryf.*

# Junior Breëbestuur wys weer slag met bespreking

DIE Junior Breëbestuur het tydens hulle laaste vergadering weer eens hul ondernemingsgees getoon deurdat hulle 'n bespreking met Prof. Mike de Vries, vise-rektor, mnr. Topper Conradie, Registrateur (akademies) en mnr. Albie Basson gevoer het. Die onderwerp was die skakeling tussen die studente en die universiteitsowerheid.

Gedurende die bespreking het dit geblyk dat daar wel voldoende kanale vir skakeling bestaan. Vir akademiese aangeleenthede is daar bv. die Studente-oorlegkomitee en vir koshuisaangeleenthede die primarii/ae-komitee. Die hoofkanaal is egter die Studenteraad aangesien die rektor en vise-rektor die SR gereeld ontmoet. Die tweedejaarsleiers en die vise-rektor het saamgestem dat hierdie kanaal nie ten volle benut word nie. Die fout lê egter binne die studentegemeenskap, aangesien die SR die verkose leiers is. Die onus rus dus op die studente self om hierdie kanaal weer oop te stel.

### REDELIK

Die drie genooide deelnemers, Prof. de Vries, mnre. Conradie en Basson, het beklemtoon dat alle redelike versoeke wat die universiteitsowerhede bereik, deeglik oorweeg word. Alle versoeke word oorweeg in die lig daarvan of dit in die studente se belang is, al dan nie. Stellenbosch se eiesoortige karakter word egter ook by besluitneming in ag geneem.

### GEBREKKIG

Prof. de Vries het gesê dat studente se vertoë soms op gebrekkige feitekennis gegrond is. Hier rus die onus op die studente self om te sorg dat hul menings weldeurdag en verantwoordelik is.

# SR-VERGADERING

(Vervolg van bl. 12)

**implementeringskomitee was, en wat nie na die laaste gekamp genooi is nie. Mej. Treurnicht het in haar antwoord gemeld dat slegs 40% van die genooides op bogenoemde basis uitgenooi word. Vir die res berus die besluit by die lede van die komitee. Enige belangstellende is egter ook welkome om haar (Mej. Treurnicht) te skakel en sodoende ook die verrigtinge by te woon.**

Tydens die bespreking van die portefeulje Karnaval is die vraag geopper of 'n SR-lid behels met dié aangeleentheid geregverdig is. Vogens Leon Oosthuizen behoort die Karnavalvoorsitter direk aan die SR te rapporteer. Die raad het besluit om die saak aan die volgende SR oor te laat.



*Elda Hugo van Erika wat verlede naweek as Irene se Mej. Voete gekies is. Dis voetslaan Erika toe vir die Don Juans!*

# DIE MATIE ETIEK

die Woord van God, as sentrale maatstaf.

5.2 Die publikasie van onwelvoeglike en wellustige stof, met ingebrip van foto's, moet vermy word.

6. *Politiek*

6.1 *Die Matie* moet los staan van party-politiek. Dit beteken nie dat geen berigte daaroor mag verskyn nie.

6.2 Politieke artikels moet aansluiting vind by die mosie op die monstervergadering van 1 Mei 1978 oor die SR se politieke rol. M.a.w., indringende, kritiese artikels oor die landspolitiek word as deel van *Die Matie* se werksveld beskou.

6.3 Die veiligheid van die Staat moet nie bedreig word nie, maar die onderskeid tussen staatsveiligheid en die politieke veiligheid van 'n regerende party, moet in berekening gebring word.

6 4 Groot verantwoordelikheid word van die redakteur vereis in sake artikels of berigte wat die etniese-, goedsdienstige- of kulturele-verhoudings op Stellenbosch en in Suid-Afrika kan beinvloed.

7. *Klagtes:*
Die prosedure vir die lê van klagtes teen *Die Matie* word in die reglemente uiteengesit. (Art. 6.2.e.(i), Art. 6.1.B.(ii) en Art. 6. K. (i) en (iii).)

# VROUE-BEVRYDING

(Vervolg van bl. 4)

### MARTIN OOSTHUIZEN – SCA-VOORSITTER
('n persoonlike mening)

Volgens Martin is die probleem van die beoordeling van drompoppies en skoonheidskoninginne deel van die moderne tydsgees. In 'n wêreld wat toenemend klem lê op die seksuele in die verkeerde sin, is dit ongetwyfeld so dat 'n drompoppie optrede met die verkeerde motief en in die verkeerde gees kan geskeid – nl. dat dit gemik kan wees op seksuele prikkeling deur suggestiewe bewegings en skamele kleredrag.

Martin is nie van mening dat alle drompoppie-optredes afgekeur moet word nie maar dat sulke optredes in die regte gees moet geskied. 'n Skoonheidswedstryd is dus nie *per se* verkeerd nie. Die vraag is volgens Martin of ons volwasse genoeg is om dit in die regte perspektief te plaas en dit te geniet?

### DR. DANIE DU TOIT

Volgens hom is die probleem baie moeilik omdat dit wentel om die begrip van betaamlikheid wat in 'n kultuur-historiese perspektief nie orals dieselfde betekenis sal hê nie. Die grense van betaamlikheid en welvoeglikheid is baie relatief en uiters moeilik bepaalbaar maar dr. Du Toit wys daarop dat dit nou beslis nie beteken dat alles nou maar toelaatbaar is nie.

**Drompoppies is nie net plesier nie maar dit is 'n lokmiddel. Dit word dus 'n middel tot 'n doel en die vrou word bloot tot objek. Dit wil nou nie sê dat die Christen nie die mooie in die mens se liggaam moet misken nie want die mens is nie toevallig daar nie maar hy is juis deur God geskape en moet daar altyd onthou word dat die liggaam 'n mens is.**

Rugby is dus in 'n mate soos drompoppies deurdat die mens agter die liggaam nie raakgesien word nie behalwe as die speler verloor.

Volgens dr. Du Toit is die belangrike vraag nou egter of in hierdie situasie die tendens nou nie versterk word om ook in ander situasies net die liggaam te beklemtoon nie. d.w.s. die versterking van 'n permissiewe maatskappy wat die klem net op die fisiese lê nie.

Dr. Du Toit meen dat wanneer nou oor hierdie sake geargumenteer word oorsake en gevolg maklik verwar word maar ook moeilik onderskei word. **Sommige sê die oorsaak van die groot onsedelike probleme is die Ligsinnige Gees.**

**Ander sê nee, die onsedelike probleme het die resultaat van 'n Ligsinnige Gees.**

### RITES

Volgens dr. Du Toit is skoonheidswedstryde die gevolg van vrugbaarheidsrites en het die mens 'n behoefte aan so iets. Dit hang net af van hoe dit uitgevoer word, wat dit reg of verkeerd maak, waarvoor daar drie vereistes is waaraan dit moet voldoen:

1) Dit moet in 'n sinvolle konteks geskied en nie bloot 'n kompetisie ter wille van 'n kompetisie nie maar die doel moet byvoorbeeld wees om geld vir USKOR in te samel.

2) Dit moet betaamlik en welvoeglik wees, d.w.s. die gemiddelde mens moet nie aanstoot neem op grond van godsdienstige en etiese oortuigings nie.

3) Dit is ook toelaatbaar mits dit nie 'n doelbewuste uitbuiting is van die vrou se liggaam nie soos dit byvoorbeeld geskied in die advertensiewese, dat 'n vrou se liggaam jou oortuig om iets te koop wat jy andersins nie sou koop nie. So moet 'n debutante se motiewe ook nie bedenklik wees nie en moet dit nie haar doel wees om met sjarme en skoonheid die man oor te haal om geld te gee nie. 'n Debutante moet egter rasioneel en saaklik wees **maar sy kan nie help dat sy 'n vrou is en aantreklik is nie.**

VERLOWING TE DUUR?
Laat ons u verloofring maak teen 'n prys wat u kan bekostig. Ons gekwalifiseerde diamant en edelsteen deskundige sal u adviseer en aan u demonstreer presies wat die gehalte van 'n diamant is.
Uit ons goeie versameling ongemonteerde diamante, kan u 'n keuse maak wat u begroting presies pas.
"STELLENBOSCH MANUFACTURING JEWELLERS"
Navrae by FROWEIN JUWELIERS
NASSAU GEBOU
PLEINSTRAAT, STELLENBOSCH.
(LANGS CARL BERGH)

# PIEKE EN ELSENBURG SORG VIR VERRASSING

## Gelykop teen Willows en Simon

IN 'n spannende stryd slaag Elsenburg amper daarin om Wilgenhof se ongeskonde rekord te skend. Elsenburg se voorspelers se goeie werk in die wedstryd is binne twintig minute deur veral Wilgenhof se agterspelers ongedaan gemaak. Met 'n halftyd-telling van 14-4, en algehele voorsprong van 20-4, word Elsenburg tot 'n gelykop uitslag van 20 elk beperk.

Na 'n interessante tydperk, waarin eers Elsenburg se Charl du Toit met 'n skepskop (2-0) en daarna Anton Rossouw, Wilgenhof se vleuel, met 'n drie (4-2) hul spanne onderskeidelik laat voorloop het, word die wedstryd verder deur Elsenburg gedikteer.

Effektiewe vaste- en losspel verseker dat Elsenburg se voorspelers, hul eie en hul skrumskakel se spel kan afrond, met drieë. Wilgenhof se voorspelers is egter nie verneder nie en verseker deur hul lynstaan werk en spel in die laaste twintig minute dat hul agterspelers die wedstryd red.

Die beste drie aan die kant van Wilgenhof is gedruk deur Kobus Swart (senter) nadat die hele agterlyn hanteer het. Elsenburg se juweel was 'n regte voorspeler drie wat deur André Laubscher (agsteman) gedruk is.

Elsenburg se punte kom van 'n skepskop deur Du Toit, drieë deur Laubscher (1) en De Kock (2) en drie doelskoppe deur John van Rensburg. Wilgenhof se drieë is gedruk deur Rossouw (3) en Swart (1). Johan Nortje kon twee verdoel.

# Laat



*Huis Visser se voorspelers is hier te laat om vir D. Kleynhans van Mabré te verhoed om te druk. Hierdie drie het egter nie die oorwinning gebring waarna die geeltruie so gesmag het nie. Die grootste verrassing verlede Vrydag was Elsenburg se puik vertoning teen Wilgenhof.*

## Pieke

HIERDIE wedstryd was een van die beste tot dusver in koshuisrugby vanjaar. Albei spanne het met alles wat hulle het, gespeel met die gevolg dat die een nie 'n duim vir die ander gestuit het nie. Die telling van 0 - 0 is dus 'n baie goeie weergawe van die spel.

Gedurende die eerste helfte was die spel baie gelykop en die spelers het mekaar goed dopgehou, gevolglik was daar nie baie agterlynbewegings nie. Die pakke voorspelers het alles gegee wat hulle kon, maar geeneen kon die oorhand kry nie. Simonsberg se lostrio onder aanvoering van Krugman het egter daarin geslaag om die bal effens vinniger by hul agterlyn te kry. Die Pieke-agterlyn het egter hul manne baie goed dopgehou en niemand kon deurkom nie.

### FOOTMAN

Vroeg in die tweede helfte was Simonsberg op die aanval, maar deurkom was min. Na ongeveer 10 minute het Pieke egter tot die aanval oorgegaan, maar ook hulle kon nie deurkom nie, hoofsaaklik omdat hulle gedurig na die bondel voorspelers teruggespeel het. Die heelagter van Pieke, Footman, het sy span op die aanval gehou met skoonvange en ook lang lynskoppe.

Die laaste kwart van die wedstryd was Simonsberg deurgaans op die aanval. Net die feit dat Pieke soos tiere verdedig het, het veroorsaak dat Simonsberg nie kon punte aanteken nie. Hulle het veral hul hande volgehad om Lerm en Etsebeth te keer. Veral Lerm het baie gevaarlik gelyk as hy eers aan die hardloop gegaan het en dit het 'n hele paar manne gekos om hom vas te vat.

## Huis Visser

DIE wedstryd is gekenmerk deur ietwat ruwe spel. B. Gericke van Huis Visser is dan ook koelkas toe gestuur. Ook het baie beserings die gewone spel van die spanne belemmer.

Die haker van Huis Visser – Stoop, is vervang. Aan Mabré se kant is J. Peter vervang deur F. Viljoen en haker Verwey, deur Meyer.

### VOORSPELERS

Mabré se voorspelers was in alle fasette beter as Huis Visser s'n. Die vaskopstryd is met 5-1 gewen deur Mabré, maar in die lynstane het hulle egter teleurgestel. Die agterspelers van Huis Visser was egter beter as Mabré s'n, en twee drieë is dan ook gedruk deur die skrumskakel Van Heerden toe hy skoppies oor die skrum opgevolg het. Warnich, vleuel van Huis Visser, is ook met 'n drie beloon. Hy het deurgaans gevaarlik gelyk.

Mabré se punte het gekom toe Coetzee gebreek het en D. Kleynhans oorgegaan het. Kleynhans en Claassen het dan ook uitgeblink aan die kant van die geeltruie. Coetzee het goeie diens gelewer aan sy losskakel, J. de Kock. Laasgenoemde het egter teleurgestel met sy buiteskoppe. Albei losskakels het egter swak geskop. Die eindtelling was 8 - 4 in die guns van Huis Visser.



*Van Heerden, skrumskakel vir Huis Visser, laat loop die bal na sy agterlyn in die wedstryd teen Mabré. Hy het hom baie goed van sy taak gekwyt en self twee drieë gedruk.*

## Dagbreek

VERLEDE Vrydag het Dagbreek vir Helshoogte in 'n aanskoulike wedstryd met 24-4 geklop. Vir Dagbreek is vier drieë en een skepdoel aangeteken teenoor die een drie van Helshoogte.

Dagbreek se eerste drie het gekom toe Engelbrecht (slot), weggebars het met die bal en vir Du Toit (vleuel), gegee het om te gaan druk. 'n Paar minute later druk die ander vleuel, Smit, ook 'n drie na 'n hoekskoppie deur Kleyn. Barnard verdoel albei drieë en slaag ook later met 'n mooi skepdoel nadat Dagbreek 'n goeie vasskopbal gehak het.

Die mooiste drie van die wedstryd was dié van Barnard wat op sy eie kwartlyn begin hardloop het. Visser het die bal ontvang en ver daarmee gevorder toe hy terugvoer aan Barnard. Barnard het kruis en dwars deur die verdediging gehardloop en gaan druk. Visser het Dagbreek se laaste drie gedruk.

### VOORSPELERS

Helshoogte se punte het gekom nadat die losskakel, De Wet, gebreek het en self gaan druk het. Die Helshoogte voorspelers het veral beïndruk met hulle goeie dryfspel. Die agsteman, Smit, het goeie werk gelewer. Aan Dagbreek kant het Engelbrecht veral baie goeie spel gelewer.

## Huis Marais

HUIS Marais het verlede Vrydag daarin geslaag om Helderberg met 34 - 0 te klop nadat hulle rustyd slegs 2 - 0 voor was.

In die eerste helfte kon die spel net nie aan die gang kom nie, en beide spanne het baie foute begaan. Die enigste punte in die helfte het gekom toe Huis Marais se losskakel, Neil de Villiers, slaag met 'n skepskop om die rustydtelling op 2-0 te staan te bring.

### NA RUSTYD

Na rustyd het Huis Marais egter baie mooi reggekom en dit was gou duidelik dat daar nou net een span op die veld gaan wees. In die agste minuut druk Anton Botha 'n drie wat De Villiers doel. Kort hierna druk Bosman nadat Christo van der Merwe mooi gehardloop het. Hierna volg drieë deur Stefan Wilson, Stut Auret, Christo van der Merwe, Tonie Vermeulen en Visser. Hiervan het De Villiers twee gedoel.

## Eendrag

DIE wedstryd tussen Eendrag en Libertas was baie lewendig en is gekenmerk deur groot ondernemingsgees. Beide spanne het hard probeer, maar verspeelde kanse en swak balbeheer aan beide kante het veroorsaak dat mooi bewegings in die kiem gesmoor is.

Die spanne het goed teen mekaar opgeweeg, maar dit was Libertas wat in die skrums die oorhand gehad het. Hulle het die vasskopstryd 1-0 gewen. In die lynstane was al twee spanne weer baie gelyk terwyl Libertas die losbal heeltemal oorheers het. Dit het gereeld gebeur dat Eendrag die bal in hulle besit gehad het en dat dit dan deur Libertas afgeneem is.

Die grootste probleem by beide spanne het by die onderskeie skakelpare gelê. Libertas se losskakel het hom skuldig gemaak aan onnodige skoppies en onoordeelkundige breke.

### CHRISTIE ROUX

Die eerste punte het gekom toe die skeidsregter (wat die wedstryd baie goed hanteer het) vir Hein Carstens van Libertas koelkas toe stuur en Johan Terblanche van Eendrag die strafskop voor die pale in punte omskep het. Eers in die tweede helfte het die volgende punte gekom. Christie Roux het na goeie hanteerwerk deur voor- en agterspelers in die hoek oorgeval. Na 'n geslaagde doelskop deur Johan Terblanche was Eendrag 8-0 voor.

Libertas was ongelukkig om nie vroeër punte te kry nie. Dit was eers na dertig minute in die tweede helfte dat Mard Prezer (vleuel) na 'n skitterende hanteerbeweging langs die pale oorgeval het. Hans Visser (heelagter) het geen fout met die doelskop gemaak nie. Die eindtelling was 8-4 in die guns van Eendrag.

# PHILIPS LEWER GOEIE TENNIS

DIE derde en vierde sessie van die Philips Challenge tennistoernooi het die 1e en 3e Augustus in die D.F. Malan Sentrum op Stellenbosch plaasgevind. **Tennis van hoogstaande gehalte is gespeel, en die toeskouers wat die wedstryde bygewoon het, was beslis nie teleurgestel nie.**

Dinsdagaand het rampspoedig begin vir Clive Egdes. Franc Puncec het hom geklop 6 - 1 en 6 - 4. Daarmee het Puncec deurgedring om Donderdagaand teen André Zietsman te speel. Clive Egdes was in elke geval nie juis opgewasse teen Puncec nie.

### AVIS

In 'n baie aanskoulike wedstryd het Paul Avis vir Ronnie van't Hof met 6 - 2 en 6 - 3 gewen. Maklik was dit egter nie vir Avis gewees nie. Van't Hof het baie stewig teruggespeel van die agterbaan af.

### SEEGERS EN WESSELS

Vanweë beserings van genooide spelers is Dinsdagaand afgesluit met 'n dubbelspel tussen Rayno Seegers en Wynand Wessels aan die een kant teen Franc Puncec en Peter Lamb. Wessels het nie baie stewig vertoon nie en aanvanklik het die Stellenboschers dan op 'n stadium 5 - 1 agtergeloop. Hulle het mooi reggeruk en die wedstryd 9 - 7 in hulle guns beklink.

### SEEGERS SUKKEL

Donderdagaand het op 'n hoë noot begin toe Nicky Badenhorst dit baie beslis nie maklik gemaak het vir Rayno Seegers nie. Seegers het dan ook inderdaad die eerste stel 6 - 7 verloor. Die wedstryd het byna twee ure geduur, alhoewel dit langer kon aanhou as Badenhorst nie skynbaar moed verloor het in die laaste stel nie.

In die tweede wedstryd het Franc Puncec vir André Zietsman met 7 - 5 en 6 - 3 geklop. Daarmee is Zietsman se kanse in die binnenshuise tennistoernooi lelik in die wiele gery. **Wat my betref, was die verrassing beslis die oorwinning van André van der Merwe oor David Segal.** Segal, wat aanvanklik stewig vertoon het en ook op 'n stadium 3 - 0 voorgeloop het, het tog verloor met 7 - 5 en 6 - 3. Ons sien uit na die eindrondtes van die Philips Challenge.


ON-THE-SPOT

DROOGSKOONMAKERS
H/v Andringa- en Kerkstraat

20% AFSLAG VIR US SE MENSE

Probeer ons Selfdien Muntstuk Wassery

# STADSBEKER WEER OP DIE 'BOSCH

## GOEIE KANS VIR GROOT-UITDAAG

SATERDAG het Maties weer gespeel soos van ouds. Daar was geen keer aan die maroen-truie van Stellenbosch nie en Villagers is deeglik ore aangesit. Hiermee het Dok Craven ook baie kritici se monde stil gemaak. Daar was baie wat hom in die laaste tyd wou afskryf as afrigter. Met Saterdag se oorwinning het Maties outomaties gekwalifiseer om in die Groot Uitdaagtoernooi te speel. As Maties gaan speel soos Saterdag, dan kan ons maar vir seker weet dat daardie beker ook nog volgende jaar op ons rak gaan bly staan.

Maties het Villagers Saterdag in die Stadsbeker-finaal oortuigend , met 31-19 geklop. Dit was in geheel gesien 'n baie goeie wedstryd met harde spel. Die skeidsregter moes een of twee keer 'n bietjie met die manne praat; alhoewel vuilspel nie goed te praat is nie, is die wedstryd nie eintlik daardeur ontsier nie.

### RUSTYD

Teen rustyd was Maties en Villagers gelykop (13-13). Eers na ongeveer 20 minute in die tweede helfte, het die telling verander toe Maties gaan druk het na 10 minute se geboer op Villagers se doellyn. Daarna het Maties nog twee keer agter die lyn gaan kuier.

Villagers het egter in die 40ste minuut punte aangeteken toe Roy McCallum 'n bal vinnig opgepik het aan die Matie-kant van 'n skrum, op Maties

### McCALLUM

se kwartlyn, en gaan druk het. Die Maties het 4 doele, 'n drie en 'n strafdoel, teenoor die Villages se 2 doele, een drie en een strafdoel behaal.

Vir Maties het Hannes Pretorius, Willie du Plessis, Martyn van Blommenstein, Bernard Pienaar en Robbie Blair elk 'n drie gedruk. Robbie het ook 'n strafdoel behaal.

### GROOT UITDAAG

Die grootste probleem waarmee die Maties egter te doen gaan kry in die G.U.B., is dat soveel spelers betrokke is by die W.P. Die W.P. se Curriebekerverpligtinge het 'n geweldige invloed op die oefenprogram van die Maties. Uit die oorblywende 6 weke van die seisoen, het die Maties, as span, eintlik slegs 2 weke om te oefen. Die samespel van die Maties kan in 'n mate, volgens Dawie Snyman, moontlik nadelig beïnvloed word.

Dawie is van mening dat die Maties wel die G.U.B. kan wen, maar dat dit geen uitgemaakte saak is nie. Hulle kan beslis sterk teenstand van die ander spanne in die kompetisie verwag.

### DOK

Dr. Danie Craven het gesê dat die G.U.B. 'n baie moeilike kompetisie gaan wees. Alhoewel so baie Maties by die W.P. betrokke is, voel Dr. Craven dat die Maties genoeg diepte het om nie deur beserings ontwrig te word nie. Om Dok persoonlik aan te haal: "As die Maties speel, soos hulle in Durban gespeel het en soos hulle teen Ikeys gespeel het (29 Julie) is daar geen span ter wêreld wat hulle kan klop nie! " 'n Mens sou kon byvoeg: en soos teen Villagers!

## Storm!



*Bernard Pienaar, wat hier op pad is doellyn toe, loop in die proses vir Ivan Ortlepp uit die pad. Bernard is weer terug in die W.P. span vir môre se wedstryd teen die Vrystaat.*

# KOSHUISTENNIS: 'N TAAI KRAGMETING

TWINTIG mansspanne het hierdie seisoen meegeding om die finale rondte van die koshuiskampioenskappe te bereik vir 1978. Verskeie koshuise waaronder Medies, Huis Marais, Eendrag, Simonsberg, Dagbreek en Majuba het ook tweede spanne ingeskryf. Dit getuig van 'n sekere diepte in koshuistennis.

Afdeling A is maklik gewen deur Medies II om dan ook vir die eindrondte te kwalifiseer. Medies I se sterkste teenstand in Afdeling B was Helderberg en Simonsberg II. (Laasgenoemde het verlede jaar die B-afdeling gebuit.)

Huis Marais het Afdeling C gebuit en hiermee puik presteer deur Simonsberg I (verlede jaar se kampioenspan) uit te stof. Eendrag II het hulle gehelp deur Simonsberg I tot 'n gelykopuitslag te dwing.

In Afdeling D het Helgshoogte deurgedring na die eindrondte. Hulle het gelykop gespeel teen Eendrag I, maar Dagbreek I het hulle die guns bewys om Eendrag I te klop.

kon geen hond-haaraf maak teen Medies I nie. Huis Marais en Helshoogte was baie gelykop, maar na alle waarskynlikheid sal die Huis hier die derde plek inneem.

In die damesafdeling spook Nemesia, Erica, Huis ten Bosch en Denneoord nog sake uit. Denneoord het Erica reeds 22 - 7 verslaan. Erica het met 6 - 23 verloor teen Nemesia. Nemesia behoort geen probleme te hê om die beker hier te wen nie. Die wedstryde word egter vertraag aangesien die gemengde liga nou aan die gang is.

Die gemengde liga behoort teen 9 September afgehandel te wees. Net daarna begin die W.P.-liga ook. Die



*V.l.n.r. verskyn Salome Deysel, Suzette v.d. Mescht, Erica Snyders en Alta van Zyl van Heemstede. Hulle speel saam met Eendrag in die gemengde dubbels kampioenskappe.*

In die topliga het Medies I en II, Helgshoogte en Huis Marais sake uitgespook.

Medies I het met die louere weggestap deur Medies II te verslaan. Huis Marais het verloor teen Medies II en sentrale tennisklubspelers is tans hard besig met voorbereiding deur interne uitspeelwedstryde, oefenwedstryde, en afrigting te ondergaan onder die bekwame hande van Mnr. Philip Söderlind, nuwe tennisafrigter.




DEUR KWARTUS SIEBERHAGEN

EK wonder wat sou gebeur as Stellenbosch sy eie sportliggaam sou vorm en as 'n eie unie begin fungeer. Daar is nie by my enige twyfel dat Stellenbosch wel op sy eie bene sal kan staan nie. Ons het die nodige getalle hier om menige unies – bloot op getalle – die loef af te steek.

Kom ons gaan kyk bietjie na die verskillende sportsoorte. In rugby en atletiek vorm die Maties die kern van die Westelike Provinsie se spanne. Sonder Stellenbosch sou hierdie spanne maar bloot gemiddeld gewees het. Op die huidige stadium is daar baie min Matie-sportklubs wat nie een of meer verteenwoordiger in die W.P. of Boland spanne het nie.

### KOSHUISRUGBY

By vanjaar se eersteliga wedstryde is daar nog so 'n paar dingetjies wat nog hinder. Dit is dan ook meer aan die toeskouers as aan die spelers te wyte. Dit sal baie verblydend wees om die dag te aanskou wanneer die toeskouers geleer het om buite die veld te bly staan. As almal langs die lyn staan sal soveel te meer persone die wedstryd kan aanskou. Nog 'n kwessie wat hinder is die aanmerkings wat op die skeidsregter en op die spelers gemaak word. Die skeidsregter is nie 'n supermens wat alles kan raaksien nie. Dit is mos te verstane dat hy kan foute maak. As daar so baie op hom gegil word is dit baie moeilik om onpersoonlik op te tree en dit is dan wanneer die wedstryd hand-uitruk.

### FIETSRY

Verlede Saterdag tydens die W.P. kampioenskappe, het drie Maties onderskeidelik die 3de, 4de en 5de plekke ingeneem. Wimpie van der Merwe (3de) en Pierre Sjit (5de) het die W.P.-span gehaal wat volgende naweek na die S.A.-kampioenskappe gaan. Wimpie kon gewen het as sy fiets nie so baie probleme gegee het nie. Gedurende die wedren moes hy 4 maal van fiets verwissel, en die fiets wat hy geleen het, het hom nie so goed gepas nie.

### TENNIS

Die persone wat verantwoordelik was vir die reëlings van die binneshuise toernooi verlede week, moet gelukgewens word; dit was puik.

# John Meyer oorheers Matie-muurbal

VERLEDE Vrydagaand het John Meyer die 1978-US muurbalkampioenskappe vir die derde agtereenvolgende jaar op voortreflike wyse gewen. Die wyse waarop John deur die hele toernooi gespeel het, maak hom sonder twyfel een van die mees onderskatte spelers in die W.P.

In die semi-finales het Dereck Lawrence vir Peter Golding met 3-0 geklop en John Meyer vir John van der Merwe met 3-1. Die finaal was 'n maratonstryd van 80 min. en John Meyer het uiteindelik 3-2 (9-5; 6-9, 9-6; 7-9, 9-3) gewen teen 'n vasberade Derick Lawrence. Die spel in die eerste vier spelle was ongelooflik spannend en gelykop en dit was eers in die laaste spel waar John Meyer die botoon gevoer het.

### FRED FLAFF

Die damestoernooi is gewen deur Maria Gardiner wat Stacey Smith-Chandler met 3-1 geklop het. Die plaatkompetisie vir mans was baie interessant. Fred Flaff het hier die botoon gevoer en Lawrens Ries met 3-1 verslaan.

# TRUDIE SKITTER IN OOSTENRYK

LEWENSREDDING is 'n redelike onbekende sportsoort, maar dit is 'n sport wat in Suid-Afrika met sy warm klimaat en baie water 'n dubbele doel kan dien. In die eerste plek is dit 'n sportsoort en in die tweede plek is dit lewensredding.

Die belangrikste rede waarom hulle nog in staat is om oorsee deel te neem, is omdat hulle relatief min aandag van die pers kry.

### SPRINGBOKKLEURE

Trudie Botha het heel merkwaardige prestasies behaal. Sy is 'n 3de jaar LO student en kom oorspronklik van Parys in die Vrystaat. Nadat sy in 1974 Springbokkleure gekry het, het sy daarop voortgeborduur en in Maart vanjaar weer die Springbokspan gehaal. By die S.A.-kampioenskappe het sy die wêreldrekord in die 25 meter kop-redding geëwenaar.

### WÊRELDREKORD

Sy was lid van die S.A.-span wat in die afgelope vakansie in Oostenryk aan 'n internasionale byeenkoms deelgeneem het. Daar het sy nie alleen die wêreldrekord in die kop-redding geslaan nie, maar sy is ook as die beste individuele deelnemer in die damesafdeling aangewys.

pikkie blommaert
mansuitruster
stellenbosch